




Kollig

*April 2025 Jaartal 40
Nommer 1*



**HOO
HOOOO!**



Sekerheidsreël 55:

JY HOEF NIE 'N FINANSIËLE KENNER TE WEES NIE. JY MOET NET EEN AS VENNOOT HÊ.

Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- **Finansiële beplanning**
- **Lewensdekking**
- **Ongeskiktheidsdekking**
- **Korttermynversekering**
- **Spaar en beleggings**
- **Aftreebeplanning**
- **Spaar vir opvoeding**

Kontak ons by **Juksta BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.



Jan Hendrik Jacobs
Finansiële Beplanner
071 895 1502



Ben Scott
Finansiële Beplanner
082 867 2786



Salomé Wessels
Finansiële Beplanner
083 371 5949



Sunet Goncalves
Finansiële Beplanner
082 551 7092



Kaiden Barthram
Finansiële Beplanner
071 429 6155



Antionette Cloete
Korttermynversekering
082 563 8148



Frik Cloete
Korttermynversekering
082 951 6278



Melanie Webb
Korttermynversekering
072 559 5184



Chad Oosthuizen
Korttermynversekering
076 137 8901



KOKANJE, MAAK JULLE REG VIR 2025 se FEES!

Kokanje word 40 op 26 Oktober!

Charl Stander van SOD (Sport-en-Ontspanning en Dienste) en sy ewe gedugte **SPAN** het reeds intensiewe planne beraam en alles is besig om netjies in plek te val vir die Karneval en ander feestelikhede wat daarmee saamgaan.

Daar is heelwat besighede in die Modimolle-omgewing wat deel vorm van hierdie verrigtinge – deur middel van belangstelling en borgskappe – **hulle word hartlik bedank daarvoor!**

Dit was soos gister dat die eerste Inwoners hier ingetrek het en daar is nog heelwat van hulle wat nou al vir meer as 30 jaar hier woonagtig is. Van hulle name het in die Kersfees 2024-**KOLLIG** verskyn en die res is op **Bladsy 72** van hierdie uitgawe. Sommige van hulle bly tans in die KE!

Al ons Nuwe Inwoners word hartlik verwelkom in Kokanje en ons herinner hulle aan die jarelange instelling:

Almal se titels word altyd met jou aankoms in die Titelgat by die hek gelaat en daar word dan van nuuts af begin om in te skakel, fasiliteite met mekaar te

deel en saam te werk tot voordeel van Kokanje – deur die gebruik van jou kennis, kundigheid en betrokkenheid by Komitees en Klubs.

Daar is egter 'n klompie Inwoners wat voorheen baie unieke en interessante poste beklee het en ons stel 'n paar van hulle op **Bladsy 28, 29 en 31** aan u bekend.

Ons wens al die 90-jarige Inwoners geluk – die helfte van hulle sien ons op die agterblad en die res eers in Augustus se **KOLLIG**.

Die **KOLLIG**-Redaksie en Kokanje-Inwoners wens hiermee die nuutgekose Voorsitter, **Jan Delpont**, en Onder-voorsitter, **Roelf Burger**, en alle BK-Lede baie voorspoed toe met hulle uiters belangrike rol in Kokanje. Laat ons hulle elkeen heelhartig ondersteun tydens hulle dienstermyne.

Om deel te hê aan die verskeie Portefeuljes se beplanning en adviesvoorstelle in Kokanje, het Inwoners hulle name aangeteken op die lysie in die vouers op die toonbank in die voorportaal. Op hierdie manier word jou kennis aangaande Kokanje verbreed en jou deelname word baie hoog op prys gestel!

ONTHOU:

Daar gaan hierdie jaar heerlik feesgevier word – skud dus julle vere reg en haal jou pragtige feesgewaad uit!

Sien jou by al die funksies!

Groete,
Rita Noeth.



ARTIKELS I.V.M. PORTEFEULJES:

1. SORGKOM (VERSORGINGSDIENS)

Deernisgroep, Tuisversorging en ander artikels.

Bladsy 31, 36, 37, 40, 47, 50 en 51.

2. VOEDKOM (VOEDSELDIENS)

Bedanking van Opskeppers, ens.

Bladsy 45, 52 en 53.

3. WAKOM (OMGEWINGS-BEWARING)

Indringerplante in Kokanje, ens.

Bladsy 54, 55 en 56.

VRYWARING

Die Kokanje Raad of die Administrasie of die Redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die Redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die Redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.

KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.

(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3. Kokanjeaftreeoord.co.za/kollig-nuusblad

WAPENRUSTING VAN DIE LIG

Dit het begin met 'n titel van 'n boek, **"The Armour of the Light"** deur Ken Follet. Dit was 'n titel wat my nuuskierigheid verder geprikkel het toe ek in die voorwoord lees dat hierdie titel 'n aanhaling uit Romeine 13:12 is: **"en trek die wapenrusting van die lig aan"** – 'n gedeelte, wat tot nog toe vir my nie só opvallend was dat ek dit onmiddelik kon herroep nie. Node-loos om te sê, ek het die boek gekoop, dit gelees en was verwonderd oor die **nawerking** van die boek en sy boodskap. Verwonderd veral, omdat dit veronderstel is om fiksie te wees, m.a.w. dit is net 'n storie, maar 'n storie wat teen 'n historiese agtergrond plaasvind.

Die boek speel af in 'n stad, Kingsbury, in Engeland gedurende die einde van die 18de eeu en die begin van die 19de eeu – 'n baie donker tyd in Engeland se geskiedenis. Daar is wel 'n voorstad van London met dié naam en ook 'n gelyknamige klein dorpie in Warwickshire, maar die verhaal handel oor hoe mense van 'n stad se lewens gedurende hierdie donker tyd, wetend of onwetend, gerig is deur hierdie spesifieke aanhaling uit Romeine.

In die **Nuwe Lewende Vertaling** word die gedeelte uit Romeine 13:11 – 14 so vertaal.

*11"Julle moet hierdie dinge doen omdat julle besef dat die **tyd** besig is om uit te loop. Dit is **dringend tyd** om wakker te word, want die **tyd** van ons finale verlossing is nou al*

weer 'n hele ent nader as toe ons tot geloof gekom het. 12 Die nag is byna verby, die dag is so te sê hier. Kom ons trek daardie vuil sondeklere uit wat in die donker tuishoort en kom ons trek die wapenrusting aan wat pas by 'n lewe in die lig. 14 Nee, soos 'n mens jou klere aantrek, moet julle die Here Jesus Christus 'aantrek' "

Die **tema** uit hierdie gedeelte vir die **KOLLIG**-lesers is:

Gaan die nuwe jaar tegemoet met die regte klere; klere van die Lig.

Dié tema word deur die volgende 5 stappe uit die teksgedeelte onderbou:

1. Tyd om op te staan en aan te trek (vers 11 en 12a). Op 3 maniere word woorde gebruik om te sê: **"Die tyd is besig om uit te loop, ons moet dringend wakker word."**

Hoekom? Omdat die **tyd van ons finale verlossing, die wederkoms van die Here**, baie nader is as toe ons tot geloof gekom het. Die skrywer vergelyk die Wederkoms van die Here met die nag waarin ons slaap terwyl die dag amper aanbreek. Wanneer die dag aanbreek, is slaaptyd van die nag verby en die Wederkoms is hier.

Die **Wederkoms** is iets

waaroor ons nie eintlik dink of praat nie.

Hoekom nie? Heelwaarskynlik omdat ons nie die **noodsaaklikheid** daarvan insien nie. Ons is so gelukkig in ons huidige bestaan, dat daar nie eintlik 'n rede vir die Wederkoms in ons lewe/bestaan is nie. Miskien is dit omdat ons nie verstaan dat verlossing 'n proses met 'n begin en 'n einde is nie. Die begin van die verlossing was toe ons tot geloof gekom het en ons Christus as ons Verlosser van ons sondes aanvaar het. Die vroeë Christene het swaar gekry en vir hulle het verlossing uit 'n proses bestaan wat begin het toe hulle tot geloof gekom het en waarvan die finale verlossing aanbreek met die Wederkoms van Christus. Die Wederkoms, wanneer hulle finaal van hierdie aardse bestaan met sy swaarkry en elende verlos sal wees; wanneer hulle by Christus in sy Koninkryk sal wees en God alles in almal sal wees (1Kor 15:28). Dit is wat die Wederkoms vir hulle beteken het – **die voltooiing van die verlossingsproses – die finale verlossing.** ➡



2. Trek eers die vuil klere uit. Voordat ons die regte klere wat by die lig (dag) pas, kan aantrek, moet ons eers die klere van die nag uittrek. Vers 12b noem dit die vuil sondeklere wat in die donker tuishoort. Dit beteken dat ons afstand moet doen van 'n lewenswyse wat nie by Christene tuishoort nie.

3. Trek die klere/wapenrusting van die lig aan. Die tweede stap van hierdie metafoor van klere uit- en aantrek is om die regte klere aan te trek, naamlik die Wapenrusting van die Lig. Dan is ons toegerus om die dag en die lewe tegemoet te stap.

4. Ons klere bepaal ons optrede (vers 13). Met die regte klere aan, kan ons die toets van die daglig deurstaan. Dit beteken dat ons klere neerslag vind in ons optrede en lewenswyse. Wanneer ons die Wapenrusting van die Lig aangetrek het, is daar geen plek vir losbandigheid of onmin in ons lewens nie.

5. Trek die Allerbeste Klere, naamlik, Jesus Christus aan. Die gedeelte sluit in vers 14 af met 'n aanbeveling oor die beste, mees gepaste klere wat Christene kan aantrek, en dit is om Jesus Christus aan te trek: **"Nee, soos 'n mens jou**

klere aantrek, moet julle die Here Jesus Christus 'aantrek' ". Hierdie proses het begin met ons doop toe elkeen van ons gedoop is en die res is 'n lewe van volharding in die geloof totdat die Here kom.

Mag julle die ligdag hierdie jaar met die gepaste klere tegemoetgaan!

Seënwense,

Henk Potgieter.



EERDER BEMIN AS ONMIN...

'n Broodjie val uit 'n bewegende broodwa en rol 'n entjie verder. 'n Stukkie breek af van die brood en bly in die straat lê. 3 mossies peil af op die stukkie wat afgebreek het. 'n Hewige bakleiery breek los. En dit kwetter en skreeu dat jy hulle wie weet waar kan hoor.

Na 'n vreeslike vlerkgeklap, kry 1 die oorhand en begin die krummels gretig oppik, terwyl die ander 2 met luide protes in 'n boom gaan sit en voortgaan met die lawaai. Hulle het nie die groot brood 'n entjie verder raakgesien nie. Hulle was te besig om oor die krummels te baklei!

Ons maak rusie oor klein dingetjies in die lewe en ignoreer dit wat eintlik belangrik is.

Ons baklei oor die krummels van wie maak huis skoon, en wie moet kook, maar die heel brood van die seën om 'n huis te hê, dit sien ons nie raak nie.

Ons baklei oor die krummels van wie moet die motor was en wie moet die petrol gaan ingooi, maar die heel brood van seëninge (omdat ek 'n motor besit), dit sien ek nie raak nie.

Ons kwetter oor die krummels van die bure wat dit en dat doen, maar die heel brood van seëninge dat ek 'n huis het om in te woon, en die gesondheid geniet om dit te kan doen, dit sien ons nie raak nie.

Oor die nietighede word ons vir mekaar so kwaad dat kosbare verhoudinge verbreek word.

Voordat ons oor die krummels twis, kom ons kyk eers rond en sien die brood raak!

Die krummels is nie die gevolge van die twis werd nie!

Vader, laat ek vandag onderskei tussen krummels en die dinge wat werklik saak maak. Laat my die heel brood raaksien en nie net die krummels nie.

Amen.

Onbekend.

Ingestuur deur **Rina Butler.**



KOKANJE-BESTUURSKOMITEELED

2025/2026



JAN DELPORT
VOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE

VOORSITTER: DAGBESTUUR



ROELOF BURGER
ONDERVOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE
Voorsitter: PERSKOM.
BK-Verteenwoordiger: KOMREK en
SORGKOM.
LID: DAGBESTUUR



NELIUS VD MERWE
Voorsitter: TEGKOM.

LID: DAGBESTUUR



ANTON BRITS
Voorsitter: FINKOM.
LID: DAGBESTUUR



WILLIE SWANEPOEL
Voorsitter: VOEDKOM en
SEKKOM.



JOHAN DE BEER
Voorsitter: SORGKOM.
BK-Verteenwoordiger:
VOEDKOM.



GERHARD KEYTER
Voorsitter: KOMREK.
BK-Verteenwoordiger:
PERSKOM.



CHARL STANDER
Voorsitter: SOD.
BK-Verteenwoordiger: FINKOM en
WAKOM.



JOHAN JOOSTE
Voorsitter: WAKOM en
STRATKOM.
BK-Verteenwoordiger: SEKKOM.



BEN DU PLESSIS
BK-Verteenwoordiger: TEGKOM,
WATERFISKAAL.

KOMITEES/PORTEFEULJES

FINKOM = FINANSIES.
KOMREK = KOMMUNIKASIE EN REKLAME.
PERSKOM = PERSONEEL, VERGOEDING & ONDERSTEUNING.
SEKKOM = SEKURITEIT.
SOD = SPORT, ONTSPANNING EN DIENSTE.

SORGKOM
STRATKOM
TEGKOM
VOEDKOM
WAKOM

= VERSORGING.
= STRATEGIES.
= TEGNIES.
= VOEDSELDIENS.
= OMGEWINGSBEWARING.

HERFSWENSE VAN: DIE NUWE VOORSITTER, JAN DELPORT



Geagte Inwoners,

Ek aanvaar die rol as Voorsitter met 'n diep besef van die verantwoordelikheid van die Kokanje-Raad, veral in 'n tyd waarin ons almal die uitdagings van 'n onseker ekonomiese omgewing ervaar. My benadering strek verder as net 'n administratiewe plig; dit is gegrond in die beginsels van respek, deursigtigheid en 'n inklusiewe benadering wat ons almal verbind.

In onseker tye is dit belangrik dat ons as gemeenskap verenig en vooruitdenkend optree. Ons Raad streef daarna om deur strategiese beplanning en koste-effektiewe prosesse 'n stabiele en volhoubare toekoms vir almal te verseker.

In Kokanje is warmte, veiligheid en 'n gevoel van saamhorigheid nie net 'n ideaal nie,

maar 'n werklikheid. Daarom wil ons verseker dat die kwaliteit van ons lewensomgewing en dienste wat aan elke Inwoner voorsien word, voortdurend verbeter. Behoeftes verander oor tyd en ons is gewillig om dit in ag te neem as besluite geneem word. Ek sal my bes doen om kommunikasie eenvoudig, openlik en respektvol te hou. Die bestaande kanale is steeds daar om planne, idees en voorstelle onder ons aandag te bring (bv. blokvergaderings en advieskomitees).

My visie is om 'n Bestuursliggaam te vestig wat nie net die geskiedenis en tradisies van ons Oord erken nie, maar ook 'n brug bou na 'n dinamiese en vooruitstrewende toekoms. My fokus is op strategiese volhoubare inisiatiewe wat infrastruktuur en lewenskwaliteit verbeter. Met 'n deursigtige en sa-

mewerkende benadering is ek oortuig dat ons die potensiaal wat in hierdie gemeenskap lê, ten volle sal kan benut.

Hou meningsverskille en ontevredenheid oor 'n saak gefokus op die saak. Stoepstorie-frustrasies is tydelik – totdat dit in kontak kom met feite. Waak daarteen om jou hele omgewing op die langer termyn te versuur op sterkte van 'n stoepstorie.

Deur saam te staan en mekaar te ondersteun, sal ons uitdagings oorwin en in die proses sterker word.

"It is in the character of growth that we should learn from both pleasant and unpleasant experiences. Where people of goodwill get together, they can achieve great things."

Nelson Mandela.

EN OOK VAN: DIE UITVOERENDE BESTUURDER

Die einde van die eerste kwartaal van elke jaar beteken dat daar 'n finansiële jaar tot 'n einde gekom het en ook 'n nuwe een begin het. Dit beteken ons reflekteer op ons prestasie oor die afgelope jaar en fokus sterk op die beplanning vir die jaar wat voorlê...

Ons verkope het weereens uitmuntend presteer (32 kontrakte gesluit) en daar is reeds 14 kontrakte vir die nuwe jaar geteken. In teen-prestasie met verkope wat onder begroting was, het die operasionele kant daarin geslaag om begrote uitgawes te besnoei en kon die tekort aan inkomste groten-

deels hierdeur beheer word. Dit kan ook gesien word in groot projekte soos die opgradering van die waternetwerk, wat bykans voltooi is en reeds vrugte afgewerp het vir die Oord. Dinge wat ons dalk nie elke dag opmerk nie, maar waarvan ons wel die sukses proe sonder om dit te besef.


Op 1 Mei word 'n doelgerigte digitale bemarkingsveldtog van Kokanje, tesame met Pearce Media, geloods – op platforms soos ons webblad, facebook en ander sosiale media. Die huiswerk wat in die agtergrond gedoen is, is merkwaardig en verskaf alreeds

goeie rigting in waar ons demografie lê en hoe die fokus vir bemarking gespits gaan word. Dit laat ons opgewonde om as deel van hierdie besondere Oord te arbeid en so te poog om sy bestaan vir die volgende 40 jaar te verseker.

Mag hierdie jaar, soos elke vorige jaar, se sukses gemeet word aan die verskil wat daar gemaak is, nie net binne Kokanje nie, maar ook binne die hele gemeenskap waarvan ons deel vorm.

Andries Visagie





PJ MOTORS

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str

Modimolle 0510

KOKANJE: "WHAT'S IN A NAME?" – William Shakespeare

KOKANJE – Cockaigne of Cockayne
(hou geen verband met dwelmmiddels nie.)

Uittreksel uit Wikipedia en Maroela-media.
Ander mitiese plekke: Shangrila, Utopia en Camelot.

Tydens die onderhoude met Andries Visagie en Anina Pretorius onlangs op "Die Groot Ontbyt" en "Ontbytsake" het hulle vertel wat ons Aftreeoord se naam beteken, naamlik "Luilekkerland".

In die ongelooflike sprokiesverhale van die uiters armoedige Middeleeuse volke van Wes-Europa was die "Land van Kokanje" die luilekkerland van uiterste welvaart – geen werk word verrig nie en heerlike voedsel word verorber in die land van melk en heuning!

Lyfeienes (arbeiders) het swaar gely op die landgoed van die edelmanne en hierdie denkbeeldige, idilliese land het gedien as 'n ontvlugting uit hul uiters benarde lewensomstandighede.

In hierdie mitiese plek het alle drome waar geword. Die weer was altyd aangenaam. Kos, drank en plesier was altyd oorvloedig beskikbaar.

Geroosterde varke het met messe in hul rûe rondge-loop om dit vir die mense makliker te maak om hulle te eet. So het gebraaide ganse direk in mense se monde ingevlieg. Gekookte visse het sommer uit die water gespring en voor jou voete neergeval. Daar was



fonteine en damme met wyn. Koek en ander gebakte lekkernye was net 'n armlengte van jou af.

Die stories oor Kokanje is van geslag tot geslag oorvertel. Aanvanklik mondeling, want die eenvoudige lyfeienes kon nie lees en skryf nie.

Die vertellers en latere skrywers het die verhale oor hierdie fabelland aanhoudend aangepas by die tydsges, want die beeld wat die mense van die Middeleeue van die samelewing gehad het, het gedurig verander.

In ons aftreeoord, **Kokanje**, het ons die heerlikste voedsel om te geniet gedurende weekdae, met middagete. **Baie dankie Riaan Roets, Voedseldiensbestuurder en al jou assistente.** Liza's (ons Snoepie) verskaf ook die heerlikste versnaperinge wat deur die week aangekoop kan word vir teetye of etes saans en oor naweke.



Die Bestuurder Vaste Bates, **Desmond Swart**, die Bestuurder Infrastruktuur, **Pierre Cremer** en hulle assistent, **Nikki Stratford**, asook die Werkswinkelpersoneel, Bemerkingsbestuurder, **Anina Sauer-mann** en ons kontrakteurs hou ons huise in stand. Deur slegs 'n Werksversoekvormpie in te vul, word ons probleemies uitgesorteer, of hulle berei huise voor vir Nuwe Intrekkers. **Baie dankie!**

Die Hoof van Versorgingsdiens, **sr. Patricia Snyders, sr. Pulane Thejane** en hulle Personeel sorg vir verswakte Inwoners se welstand in die KE en tuis. **Ons bedank elkeen hartlik!** Kyk hoe vrolik en pragtig geklee was hierdie dames met Kersfees (**KLEURCOLLAGE OP BLADSY 40.**)

Dan bedank ons ook vir **Andries Visagie, Uitvoerende Bestuurder, en sy hele Span** wat vir die daaglikse, ordelike werking van al die ander algemene sake in Kokanje verantwoordelik is. **Ons waardeer julle!**

En... Ons kan enige tyd sla-pies inpas en met vriende en familie kuier en feeste hou!

Maar dit is waar die lui-lekker oor-

eenkoms ophou. Die mens is nou maar eenmaal so geskape dat hy waardeloos voel wanneer hy nie betrokke is en werk verrig nie. Kokanje-Inwoners werk dus ook baie hard en sit daadwerklik hand by om Kokanje 'n aangename plek te maak!

Ons Aftreeoord, Kokanje, is eintlik 'n werkskolonie/kibboets, want die Personeel en Inwoners het baie take en programme om die wiele glad te laat loop en te verseker dat al die vasgestelde Reëls en Regulasies van die Oord nagekom word. By die Sport-en-Ontspannings-en-Dienste-Klubs (SOD), asook ander Advieskomitees van die verskillende Kokanje-portefeuljes is daar Voorsitters, Sekretaresses en Lede wat op die Bestuur daarvan dien.

Met die Karnaval gaan almal weer skouer-aan-skouer saamwerk om dit weereens 'n reuse-sukses te maak. In die Augustus-**KOLLIG** gaan ons dus sien hoe elkeen sy deel bygedra het en die genot wat op almal se gesigte weerspieël is!

ONS WERK LEKKER SAAM:

New meaning of Kokanje = "Shosholoza" or "tshotsholoza!" means go forward or make way for the next man, in Ndebele. It is used as a term of encouragement and hope for the workers as a sign of solidarity.

Google, and listen to this lovely song.

Die inligting oor Kokanje se naam het reeds 2 keer in die **KOLLIG** verskyn, maar PJ van Zyl, Annette van Dyk en Susan Conradie het gevra dat ons dit weer plaas.

Bladsy geborg deur **Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

SOMMER BAIE KORTER!

AFKORTINGS IN DIE KOLLIG

ABBA-DIENS-GROEP	= ALZHEIMER, BEROERTE EN BEHOEFTE VAN ALMAL.	KOREK	= KOKANJE-REKENAAR-KLUB
BK	= BESTUURSKOMITEE.	UB	= UITVOERENDE BESTUURDER (Andries Visagie).
BLITZNUUS	= NUUS WAT BLITSIG PER "WHATSAPP" AAN INWONERS DEURGEGEE MOET WORD EN DEUR ANDRIES VISAGIE EN VERAL KAREN PIENAAR DEURGESTUUR WORD.	KOKANJE-PORTEFEULJES (Advieskomitees.)	
BLITZ	= (WERKWOORD) OM DIE INLIGTING DEUR TE STUUR.	FINKOM	= FINANSIES.
KE	= KOKANJE-EENHEID (VIR DIE VERSORGING VAN VERSWAKTE BEJAARDES).	KOMREK	= KOMMUNIKASIE EN REKLAME.
		PERSKOM	= PERSONEEL, VERGOEDING & ONDERSTEUNING.
		SEKKOM	= SEKURITEIT.
		SOD	= SPORT, ONTSPANNING EN DIENSTE.
		SORGKOM	= VERSORGING.
		STRATKOM	= STRATEGIES.
		TEGKOM	= TEGNIES.
		VOEDKOM	= VOEDSELDIENS.
		WAKOM	= OMGEWINGSBEWAARING.



LEES EN LEER SAAM MET LEON...

1. **"The Bold Start"** is a daily blast of inspiration, humour and insight to jumpstart your morning and help you create a bolder day.
feedback@growingbolder.com
2. 8 morning habits of people who stay happy and joyful in their 60s and beyond.
Just type the above on "Google".
3. People who lose interest in the outside world as they get older usually display these 7 behaviours.
<https://search.app/jdzvg>

Leon de Jager
lees graag hierdie insiggewende dagstukkies aangaande bejaardes en kan dit heelhartig aanbeveel.



NUTTIGE GESKENKE

WATTER NUTTIGE GESKENKE HET JY, AS SENIOR PERSOON, VIR KERSFEES ONTVANG, OF ONLANGS VIR JOUSELF AANGEKOOP?

1. **Eiersponsmatras** – dit gaan jou help bed opmaak sonder om jou rugspiere te verrek. Jy hoef nie die swaar matras op te lig nie – jy vou die onderlaken eenvoudig om die nuwe, dun matrassie.
2. **Nuwe bed** – om jou rug gemaklik te laat rus tydens middagslapies of in die nag.
3. **Vassuigmatjie** vir jou stort – sodat jy nie dalk gly en val nie.
4. **"Shoprider", gholfkaretjie, loopraam of kiere** – hierdie geskenke gaan jou die hele jaar deur veilig laat ry of loop.
5. **"Non-slip, super-grip"-skoene of sandale met rubbersole** – sodat jy elke dag (en veral wanneer paadjies nat is van die reën) veilig kan rondbeweeg.

JACQUES DE BEER

DE BEER SOLAR EN ELEKTRIES PTY/LTD



065 624 6819

GOEDGEKEURDE KONTRAKTEUR IN KOKANJE

IS JY MOEG OM 'N KRAGREKENING TE BETAAL?

- * FINANSIERING BESIKKBAAR
- * POMP KRAG TERUG IN DIE GRID
- * PRYSE NOU BAIE BEKOSTIGBAAR
- * DEYE / SUNSYNK / SALVARE EN NOG BAIE MEER STELSLS

KONTAK ONS GERUS VIR 'N GRATIS KWOTASIE



As per standard installation else T's and C's apply.



DOOR & WINDOW CONNECTION

- Aluminium & Glas Stoep Verandering
- Blinders
- Muskiet Gaas

Kontak ons gerus vir 'n Kwotasie

Sonja van Zyl

082 454 6250

sonja@dwcon.co.za / www.dwcon.co.za

24A Dirk van den Bergstraat, Modimolle (Oorkant die Gevangenisdiens)

ESS EMMANUEL SHUTTLE SERVICES

BETROUBARE DRYWERS

LUGHAVE
DAG TOERE
PRIVAAT RITTE
SHUTTLEDIENS

LIMPOPO GAUTENG

KONTAK VIR 'N KWOTASIE

📞 **Amaro: 083 379 6961**

📞 **Vicki: 082 756 7676**

✉️ emmanuelshuttleservice@gmail.com



BOSVELD AUTO GLAS

WINDSCREENS, HOUSE GLASS, MIRRORS
SHOWER, FLYSCREENS

Whatsapp: 078 873 4914

Marie 082 566 9020

bosveldglas9@gmail.com

**105B Thabo Mbeki Street,
Modimolle**

HUNKYDORY WENS HAAR KLIËNTE'N

Geseënde Paasfees!



HIERAAN WEET ONS WAT

Liefde is: JESUS HET SY

LEWE VIR ONS AFGELÊ...

- 1 JOHANNES 3:16

*Hunky Dory... Waar
almal bymekaar kom*



**Hannelie de Beer
Fisioterapie**

(Praktyk: 961906)

Besoek Kokanje 3 keer per week.
Sien kliënte in die versorgingseenheid
of in die gerief van jou eie huis.

**Skakel Hannelie
by 078 426 9685**

164 Kerk Straat, Nylstroom, 0510

ONS LEEN HIERDIE 2 GEDIGTE, EN GEBRUIK DIT AS 2025-NUWEJAARSWENSE AAN U ELKEEN!

"MOOI LOOP!"

"Mooi loop" is vir my 'n mooi Afrikaanse toewensing.

Dit sê:

"Kyk mooi waar jy gaan,
moenie seerkry nie;
kyk dat ander nie op jou trap
nie,
loop trots en regop met fier en
vasberadenheid."

Dit het ook 'n sagte boodskap –

"Ek is bekommerd oor jou.
As jy mooi loop, dan sien ek
jou weer,
want dit klink nie so finaal soos
'totsiens' nie.
Dit sê ook jy het 'n vriend in my
en ek dra jou in my hart
in gebed op na die Vader.

Mooi loop!"

Outeur onbekend.



Jy kan rondom Kokanje stap
(al met die heining langs). Dit is
ongeveer 4 km en as jy 'n
gemaklike spoed handhaaf,
kan jy dit onder 60 minute
voltooi. Neem maar jou hoed
saam en 'n botteltjie water.
Sonbrandmiddel kan gerus
voor die tyd aangewend word.

**Op die grondwandelpaadjes
in Kokanje kan die spore van
die volgende diere en dinge
uitgeken word:**

Duikers, rooibokke, tarentale,
duifies, stappers en die gholf-
karspore van Juma's se Seku-
riteitswagte.

Google en lees oor Eunice Basson ('n afgetrede professor in let-
terkunde by Unisa) wat hierdie pragtige gedig in 2023 geskryf het.

NUWEJAARSWENSE...

Ek het die Oujaar gelos, agter die murasie by die bloekombos
waar rooi papawers oopmond blom, in die laaste strale van die
somerson.

Ek pak vir jou en my 'n tas – vir die Nuwe Jaar
'n tas wat pas: Vir Winter; Mirre, Goud en Wierook
sodat jy ook, die son se warm strale sag mildelik
oor jou vel voel gloed.

Ek breek vir ons 'n plaasbrood, ek skink ons kelkies boepensvol;
robynrooi wyn, vir jou en my, op vriende en samesyn.

Ek salf jou; laventel, katjiepiering en jasmyn
en kis jou seerkry-woorde en jou pyn.

Ek pak vir ons reis, padkos om te deel –
pannekoek met kaneel, sodat jy jou verlede los
en liefwees proe en weet ek sal jou nooit vergeet.

Ek knoop jou naam in 'n borsruikertjie saam
en skryf dit tussen sterre in die melkwegraam.

Ek kneus 'n suurlemoen se blaar sodat jy die reuk
van voor en nuut, begin ervaar:

Mag jou voete nooit die pad verloor
en op jou nuwe roete, jou oë altyd bly hoop.

Mag jou skewe paaie reguit loop en jou mondhoeke altyd lag.
Ja kyk, môre is 'n nuwe dag!

Ek pen 'n koesterwoord hier op my hart se dun papier:
Vir jou – Mag jy vrede vind in jou olyfboord,
Kaalvoetkind, Koningskind.

Ek wens jou vroeë purperreën en God se rykste seën.
Mag jy liefde vind en jou swaeltjies altyd terugkeer –
weer en weer, na die somer hier.

Mag jy altyd onthou die Kaapse berge se poeierblou.
Mag jy bly dans as musiek begin speel
en jou Nuwejaarskans in genade en vreugde uitdeel.

Mag my woorde vlerke kry, ek woordtowaenaar.
Laat jou gebede hoog vlieg en vry...

Mag die Nuwe Jaar net vrede, vreugde en liefde baar,
vir jou en my, en vir mekaar.
My 2025 wens vir jou gestrik, in satynrooi lint –
met liefde vas gebind.

Ingestuur deur **Elsa Watson.**



Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

O O G K U N D I G E



GEORGE VAN DER HOVEN

Promosie

Enkelvisie - R1800 | Bifokaal - R2800

Multifokaal - R3800

Terme en Voorwaardes geld

Bela Bela | Modimolle | Mookgophong

066 517 2571

BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om hierdie April-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff en Annette van Dyk.
versorging:
Proeflees: Hannetjie Boshoff en Rita vd Hoven.
Bladuitleg: Rita Noeth, Leonie du Plessis en Sharon Healey.
Produksie: Rita Noeth.
Kleurcollages: Rita Noeth en Hetta Uys.
Voorblad- Karel Minnie, Chris van Zyl, Elma
foto's: Venter en Cobus Potgieter.
Ander foto's: Persone wat artikels ingestuur het, klublede en Rita Noeth.
Tikwerk: Persone wat artikels ingestuur het, klublede, Anneke du Plessis en Rita Noeth.
Nuwe Intrekker
onderhoude: Rina Lüneburg en Marthie Olivier.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** – sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG** onbekostigbaar gewees het!

Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der Westhuizen en Roelof Burger het as **Advertensiewerwers** en **Tesourier** opgetree. **Postnet** was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te borg.

Roelof Burger.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank al die **Kokanje-Inwoners** wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES/KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
 (014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules) baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
 083 452-2091
 014 715-2663.



C. Cosmetic treatments

Annette Nortje:
 Salon Juenesse @ Kokanje.
 45C Sering street.
 083 438-3336.



D. Manshaarkappers 1.

1. Dietloff Bredenkamp,
 Mispelstraat 21C.
 082 415-3729.



2.

2. Wensel du Plessis 34E
 072 212-7189.



Kan ook hare by u huis sny.

E. Skerpmaak van messe en skêre. Krav-klasse.

Frik Grobler,
 Huis 90B.
 083 452-1836.



F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskermes en bedlampies.

Peet Marx,
 Huis 89B.

083 286-9322. **Ek doen nou ook**



G. Gedroogde mangosnippers en strokies: R160 p/kg. en macadamianeute: R190 p/kg.

Chrissie Pretorius
 Huis 39C
 083 699-5978.



H. Algemene Nutsmanne:

Kobus Pretorius 082 458-3423

Johan (JP) vd Merwe 081 438-7148

Peet Saayman 082 532-9041.



VOERTUIGLISENSIEHERNUWING

😊 **SLEGS R100 PER TRANSAKSIE!** 😊

ONTHOU:

Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels** en **gedigte** kan in die **KOLLIG**-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

ABBA-PRAATJIES

1. ENKELE ASPEKTE TER VOORKOMING VAN VEREENSAMING IN OUERWORDENDE GEMEENSKAPPE

(27 Januarie 2025.)

Kliniese Sielkundige **dr. Anna Eleonora van Rooyen (Du Toit)**,
082 872 7928.



Dr Van Rooyen is beskikbaar 1 maal per maand (Saterdag en Sondag) in dr. Breedts se spreekkamer.
(Slegs per Vooraf Bespreking en Betaling.)

Definisie van Problematiese Eensaamheid:

Dit gaan nie oor die hoeveelheid sosiale kontak wat 'n mens het nie, maar wel oor langdurige gebrek aan kwaliteit in verhoudings.

Agtergrond:

Eensaamheid word reeds beskou as 'n wêreldwye epidemie. Ten minste een derde van alle ouer mense beleef dit.

Oorsake:

Kinderwonde, wat lewenslange patrone van interaksie vaslê.

Verlies aan geliefdes, bekende omgewing, besittings, status, ens.

Verswakking van gesondheid, sintuie, slaapkwaliteit, beweeglikheid, ens.

Vermindering van lewenskwaliteit, selfbeskikking, finansies, vaardighede, ens.

Verskil tussen verwagtinge vir die Oudag en uiteindelijke realiteit daarvan.

Aftreeoorde:

Hierdie onafhanklike leefwyse bied uitstekende geleenthede om vereensaming te voorkom, indien persone kies om deel te neem.

Dit neem vir nuwe intrekke, asook diegene bo 80 jaar, ten minste 'n jaar om nuwe vriende te maak, roetines aan te leer en werklik deel te word van 'n nuwe omgewing.

Weduwees en wewenaars is op hulle kwesbaarste tussen 2-5 jaar na afsterwe van hulle

gade, en ander enkellopendes is dikwels sku vir kontak.

Die bestuur van aftreeoorde het innoverende benaderings nodig om die probleem van eensaamheid die hoof te bied en te voorkom – ek verwys na die uitgawe van **KOLLIG**, Desember 2024 (39) 3, p.68, waarin daar 'n uitstekende artikel verskyn deur Maatskaplike Werkster, Henriëtte Els.

Style van Interaksie:

Waar intervensie aangepak word, kan dit die persoon wat hulp verleen, waarskynlik baat om kennis te neem van die feit dat elke mens 'n leeftyd lank reeds 'n sekere styl van interaksie aangeleer en beoefen het. Hoewel groepsgerigte aktiwiteite baie belangrik is, kan persoonlike hulpverlening aan die individu ook effektief wees, as die interaksionele styl van die hulpverlener, sowel as die hulpontvanger, in ag geneem word.

'N PAAR STYLE:

Self-Isolerend: Alle aanbiedinge tot sosiale kontak word gedwarsboom, geweier, of vermy.

Moontlike intervensie: Laat die persoon verstaan dat jy self sy/haar teenwoordigheid nodig het.

Allesbeheer: As dinge nie gedoen word volgens hulle voorskrifte nie, wil hulle nie deelneem nie.

Moontlike Intervensie: Vra hulle raad, of gee hulle 'n keuse.

Slagoffer: Die hele wêreld is teen hulle en almal moet hulle jammer kry.

Moontlike intervensie: Luister met empatie en gee dit terug, sonder om betrokke te voel, bv. "Dit was seker baie erg vir jou".

Selfgesentreerd: Net hulle eie wêreld maak saak. Hulle luister nie na jou storie nie, hulle wag dat jy klaar praat, sodat hulle jôu kan vertel van hulle ervaring.

Moontlike Intervensie: Ont-hou, jy is nou in hulle realiteit, dus, sorg dat hulle die hoofrol speel.

Ander interaksionele style: Die Klakous, die Kwaaitjie, die Kwaadkat, die Jolliepatrollie, die Bobbejaan-agter-die-Bult, die Jagter, die Soetseun, die Vegter, die Vrederegter, die Perfeksionis, die Belangrike, die Nederige, die Intellektueel en die Redder, ens.

Niemand se styl is reg, óf verkeerd nie en daar is goeie én slegte eienskappe.

Speel met opregte intensies in iemand se styl in, dan voel hulle 'n innige konneksie, dat jy hulle verstaan, hulle ondersteun en hulle eensaamheid is effens verlig, en ons doel is bereik!

Ten Slotte:

Elkeen van ons het op ons eie deur die belewing van geboorte gegaan. So sal ook elkeen van ons alleen deur die sterfproses gaan. Ons is en bly áltyd intrinsiek AI-(I)-Een. Hoe gouer 'n mens deur terapie



ABBA-PRAATJIES

1. VEREENSAMING IN OUERWORDENDE GEMEENSKAPPE

(Vervolg.)

vrede maak met die individuele traumas van kinderonde, asook die traumas van die geleefde verlede, hoe gouer kan jy in vrede oorstap uit hiërdie lewe uit. Hoe gouer 'n mens verhouding bou met dié Een wat ter wille van ons uitgeroep het: "Waarom het U my verlaat?" (Ps 22:1; Matt 27:45-47), hoe vinniger sal ons by 'n plek van VREDE MET EENSAAMHEID in die gryse jare uitkom – of ons nou

self daaraan ly en of ons iemand wat eensaam is, wil help.

Psalm 71 geld steeds hier:

"U is my verwagting, YHWH (Here) Elohim, my vertrouwe van my jeug af;

op U het ek gesteun van my geboorte af, van die moeder-skoot af is U my bevryder, oor U is my lof altyddeur...

Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie, verlaat my

nie as my krag gedaan is nie. O God, U het my geleer van my jeug af en tot nou toe verkondig ek U wonders.

En ook tot die ouderdom en die grysheid toe – O God, verlaat my nie, totdat ek aan die volgende geslag U arm verkondig, aan almal wat sal kom, U mag.

U wat my baie en bange node laat sien het, sal my weer lewend maak..."

2. "HOPE FOR THE BLIND"-HOSPITAAL

(24 Februarie 2025.)

Liana Engelbrecht, die Hospitaalbestuurder, van hierdie ultra-moderne Hope For The Blind-Ooghospitaal en -Operasieteatres wat net om die draai van Kokanje, in Modimolle geleë is, het met entoesiasme vertel van dr. Frits Stegman, sy seun dr. George Stegman, dr. Rian Viljoen en hulle vriendelike personeel se werksaamhede by die pragtige nuwe instansie. Daar word gefokus op katarakverwydering, oogheelkunde en die behandeling van oogsiëktes en behandelbare blindheid. Die rustige, bosryke omgewing sorg vir 'n kalmerende effek op pasiënte.

Dit is die Vennootskap se doelwit om aan alle persone in die Limpopo-provinsie 'n uitstekende diens te lewer – persone met Mediese Fondse, sonder Mediese Fondse, asook persone wat SASSA toelae ontvang. Pasiënte moet 'n verwysingsbrief van hulle mediese dokter of oogkundige toon.

Daar is 'n kunsgallery in die hospitaal, met R1-Miljoen se kunswerke wat deur die kunstenaars geskenk is. Wanneer skilderye verkoop word, word die fondse in 'n Trust gehou sodat hulpbehoewende, arm persone se behandeling daardeur gedek kan word.

Kontakbesonderhede:

407 Rhenosterfontein
Donkerpoortweg
Modimolle
014 940-7020
081 838-1967

Vir meer inligting:
reception@hopefortheblind.org
en
www.hopefortheblind.org



SATELLITE CONNECTION

Geëënde Paasfees

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar
Oogspesialis / Eye specialist

Nylstroom besoeke elke 2e week
by Dr M Veldman se kamers

Afsprake: 012-3438333 / 5
Adres: Thabo Mbeki ryalaan nr.39

ABBA-PRAATJIES

3. BOEDELS EN TESTAMENTE (Vervolg 2.)

Natasha Briel, Finansiële Adviseur van **ABSA**, Modimolle het ABBA kom toespreek op Maandag, 31 Maart 2025.

Indien enigiemand die praatjie nie kon bywoon nie, of meer inligting verlang i.v.m. die opstel van Testamente of die tydsduur en prosedure om 'n Boedel te Beredder, kan Natasha u daarmee help.

(014) 717-9319/15
of 082 322 3419.

natasha.nel@absa.co.za

Madelein, Natasha en Rita.



Ons verwys u ook na vorige **KOLLIG**-Tydskrifte waar Boedels en Testamente breedvoerig bespreek is: Augustus 2023, bladsy 62 en 63 en April 2024, bladsy 50.

JORRIE LOMBARD SE BEDANKINGSBRIEF


My man, Bokkie, het ons op 16 Maart 2025 gegroet...

Baie dankie aan Kokanje wat sy lewe so positief aangeraak het. Hier kon hy sy eie pad volg: Vroeg opstaan, altyd betyds wees, geen ruimte vir luiheid nie. Hy het geweet dat God 'n groot, goeie plan vir sy familie het. Hy het 'n hart vir sy naaste gehad en GEE was nie 'n opsie nie, dit was Bokkie se leefstyl!

'n Besondere baie groot dankie aan dr. CAS Breedt, Leonie, sr. Patricia Snyders, sr. Pulane Thejane en die Tuisversorgingspersoneel wat Bokkie met soveel deernis versorg en bygestaan het gedurende die laaste maand van sy lewe.

Julle is Engele op Aarde!

Jorrie en wyle Bokkie Lombard.



Dankie vir oproepe boodskappe, blomme, eetgoed en besoeke van vertroosting. Dear family, friends, neighbours and acquaintances: **"I cannot thank you enough for all the suport you showed me."**

Bokkie was my "life coach", my raadgewer, my sielsmaat en skaduwee... Ons het mekaar ondersteun en gedra. As een gehuil het, het die ander een sout geproe. Hy was taai, fiks, humoristies en haastig.

"Bokkie, your legacy will live on in the lives you touched and the love you gave so freely."

Dankie Ons Hemelse Vader dat ek 60 jaar van my lewe met Bokkie kon deel en nou... leef ek my lewe dag vir dag – die res is toegevou in my hart!

Lede se baie gesellige Jaareind-funksie in die Kokanje-Lapa.



TENNISKLUB

Maks Verhage en Rina Chisholm het as volg teruggerapporteer oor die Nylstroom B-Span, wat as die "Golden Oldies" bekendstaan:

Hulle het in die finale ronde teen Pietersurg se B-Span verloor en met hulle silwer medaljes tuis (en in die Poskoerant) kom spog.



TAFELTENNISKLUB

kuier lekker saam.



UIT DIE BIBLIOTEEK – BOEKBESPREKING

BREEKPUNT –

Marie Lotz

In Johannesburg, in die middel van die nag, verdwyn 2 jong meisies, weggeklok uit die veiligheid van hulle ouerhuise.

Kaptein Alek Strauss ondersoek die sake en kom agter dat die ontvoerder se werkswyse grootliks ooreenstem met dié van 'n misdadiger wat al jare lank in die gevangenis is weens die ontvoering van 2 ander meisies.

Waarom dink een van die slagoffers se ma dan dat hierdie man onskuldig is? Is dit omdat sy 'n skokkende ontdekking in haar dogter se slaapkamer maak, 6 jaar nadat sy verdwyn het?

Dan kom 'n jong paartjie op 'n grufonds in die Drakensberge af en hierdie gebeure dompel almal in 'n nuwe maalkolk van raaisels.

Marie Lotz se vorige 3 spanningsromans was topverkopers, en BREEKPUNT behoort in die smaak van lesers van Spanningsverhale te val.

ANONIEM –

Chanette Paul

Lula Prins wil op Heydendal oor begin – 'n nuwe lewe, 'n nuwe dorp en 'n nuwe naam. Dan stap 'n man ongenooi in haar lewe in en haar verlede begin haar inhaal.

Kriek Kruger wil uitvind wat met sy laatlambroer, Dian, gebeur het. Terwyl Kriek na antwoorde soek en Lula van die spoke in haar verlede vlug,

gooi die noodlot hulle saam in 'n opwindende, gevaarlike wentelbaan. Gaan Kriek uitvind wie sy regtig is en wie daardie verdoemende verslag geskryf het wat sy broer finaal laat knak het? En kan 'n mens ooit werklik van jouself af vlug?

THE SUMMER SKIES –

Jenny Colgan (A "Sunday Times" best seller.)

Born into a family of successful pilots, Morag is used to flying high. But a tragic accident above the clouds sends her into a tailspin. When she receives a call telling her that her beloved grandfather has been taken ill, Morag leaves her fast paced life in London to return home to the tranquil Scottish Highlands. With her grandfather out of action, Morag takes over flying the local route in his rickety old plane, ferrying locals across the beautiful islands. One day the weather goes south, and Morag is forced to crash-land on a remote island with only a gruff and elusive ornithologist for company. While they don't see eye to eye, the pair are forced to seek shelter together until help arrives – however long that may be. But what if Morag is already exactly where she is meant to be?

**Baie dankie Biblioteek-lede
vir julle ondersteuning
deur die jare, asook
vriendelikheid en liefde!**

Saartjie Smit



**Aantal boeke gedurende
Februarie uitgereik: 447.**

Ledetal: Ongeveer **390**.
Kom sluit gerus by ons aan!



Saartjie Smit en Tina Brits.

19 VREUGDEVOLLE JARE IN DIE TUIG

Saartjie Smit het die leisels oorgegee aan Tina Brits en wens haar baie geseënde jare toe as nuwe Voorsitter van die Kokanje-Biblioteek.

Die hele Kokanje en al die Biblioteeklede bedank Saartjie hartlik vir haar onbaatsugtige diens. Haar hulpvaardigheid en vriendelike laggie sal baie gemis word!

Ek bedank Saartjie ook vir al die **KOLLIG**-artikels en boekbesprekingsstukkies wat sy so getrou ingestuur het om al die interessante nuwe boeke aan ons voor te stel.

Ons seënwense vergesel jou, Saartjie, en ons wens jou nog vele gelukkige en gesonde jare toe!

Rita Noeth

70 SAKKE SOUT

Rassie en Nellie Erasmus (regs) het hulle
70ste Huweliksherdenking op 9 April 2025 gevier.

Hier is hulle saam by Rus-'n-Bietjie-dam.
Hulle is een Vrydag in April daarheen vervoer
deur die La't Wiel-Groep.



EN NOG VELE MEER SAKKE SOUT SAAM...



Gustav en Corrie Bester
woon al 24 jaar in Kokanje.
Hulle is **65** jaar gelede in
die NG-Kerk Theunissen,
OVS getroud.

Onder en onder regs:
Susan en Kobus Boshoff,
Ella en Nick Sothman,
Dawn en Mervin Burger en
Floris en Dina Steenkamp
het in November en April hulle
60ste Huweliksherdenkings gevier.



BAIE GELUK!



JOU ALGEMENE HARDEWARE WINKEL



WEN GROOT! GOOI JOU STROKIE IN VOOR 31 MAART 2025

GELDIG VIR ALLE KOKANJE INWONERS

☎ **015 880 1844**

📞 **063 784 5597**

1115 NEPTUNE STRAAT MODIMOLLE, 0510
www.devilliershardware.co.za

Hardeware Bouware Kombuise





Water Exchange

Rent a water cooler dispenser for only ZAR 399.00 per month. 100L water included per month.



water
for living better

071 361 8073

Cnr. Nelson Mandela/Pretorius Str.
Old ABSA Building, Modimolle

NOG 'N BIBLIOTEEK IN KOKANJE?

Behalwe vir die **Kokanje-Biblioteek** vol Afrikaanse en Engelse storieboeke, is daar ook **Rina Booyens** se AlvaBib-biblioteek waar swaksiende lede (meestal Engelse) bande met luisterstories kan uitneem en dan rustig tuis na voorlesings op hulle bandmasjiene kan luister. Sel: 082 624 440.

En toe vertel Christine Erasmus my onlangs van haar **mini-biblioteek** tuis!

Die pragtige kunswerk, plus ander ewe unieke stukke kan by Huis 4C in Lekkerbreekstraat besigtig word. Sel: 083 655-2916.

Tydens die Covid-19-tydperk in 2020 het Christine met die ongelooflike werkstuk begin en dit is hierdie jaar voltooi! Loutjie se hulp is ook ingeroep om meubeltjies te maak en liggies te installeer en ons gee hom dus hiermee ook die welverdiende erkenning, saam met Christine!

Die weetgierige Inwoners wat soms by hulle motorhuis kom inloer het om te sien hoe die projek vorder, het altyd heerlik gesels, en raad en komplimente gaan uitdeel.

Christine se dogter het soms veroorsaak dat daar 'n vertraging van die kunswerk plaasgevind het wanneer sy materiaal aangestuur het vir Ma om tafeldoeke en gordyne vir haar te maak.

Die oulike Boks/Kas-tipe 3-dimensionele muurbehangsel is 'n skaalmodel biblioteek en het 981 boekies wat met groot sorg ontwerp en gemaak is.

Die biblioteek is die 7de kunswerk in sy soort en dit is heel aanskoulik om saans te sien hoe pragtig die liggies die kunswerke laat vertoon.

Loutjie en Christine is 56 jaar lank getroud en woon nou al ongeveer 14 jaar in Kokanje. Loutjie het lank diens gedoen

by die Klank-en-Beeld-Groep en Christine is lid van die Kuns- en die Lyndansklub. Sy is ook diaken van hulle kerk. Hulle is Vrywillige Skeppers in die Kokanje-Eetsaal.

Die Erasmusse is baie trots op hulle dogter, Bernadette, ('n baie suksesvolle spysenier in Pretoria) en seun, Pieter, 'n welbekende kunstenaar wat in Indië en Suid-Afrika werksaam is. Sy indrukwekkende juweliersware word gedra deur Michelle Obama van Amerika en Marianne Fassler van Suid-Afrika. Pieter het ook 'n baie gewilde Indiese-kos restaurant in Calitzdorp (op Route 62).

Dit is heerlik om by Loutjie en Christine te kuier en as julle net gou-gou wil gaan kunswerke kyk, maak maar reg om sommer heelwat langer daar te wees.

Rita Noeth



Bladsy geborg deur Jorrie Lombard. Baie dankie, Redaksie.

GIMTRIM-NUUS

Gimtrimmers het agtergekom dat die KE-Inwoners se bekertjies (sippy cups) nie meer in 'n mooi en goeie toestand is nie. Die bekertjies is oud en daarom baie gevlek en die vlekke klou vir die vale. Daar is toe besluit om nuwes aan te koop.

So gesê, so gedaan!

Begin Desember is die eerste houer met bekertjies aan sr. Patricia oorhandig. Die tweede houer sal binnekort aan haar oorhandig word.



Ons hoop die KE-Inwoners geniet hul drinkgoed nou meer uit hul mooi, nuwe bekertjies!

Kom sluit gerus aan by ons fiksmaaksessies op

**Maandae
en
Donderdae
vanaf
07:00 tot 07:45.**

Adri van Tonder

NAALDWERKKLUB SE BEDRYWIGHEDE

Vanaf die Kersmark in November 2024 het die Naaldwerkklubdames net een strook deur gekuier en gewerk:

1. Op Saterdag, 15 Februarie, het 25 lede saam gekuier by Lillies & Limes. Die eienaar, Cindy, en haar span het die heerlikste buffet-ete voorberei en ten spyte van die gietende reën almal knus onder die afdak laat sit nadat die dames vanaf hulle geparkeerde motors begelei is onder groot sambrele.

2. Hulle het die oulikste beer-tjies geskep uit waslappie en die KE-Inwoners daarmee gaan verras op Valentynsdag. Die geskenksakkie het ook koekies, "chips" en 'n sappie bevat.



3. Die pannekoektafel by die Karnaval word hierdie jaar deur die Naaldwerkklub behartig.

Jenny van der Merwe

**Bemoedigende boodskap
aan almal:**

"Don't close the book when bad things happen in your life..."

Just turn the page and begin a new chapter!"

Amazon.com



THE BATTLE FOR LOVE

It has to end, you know:

The self-hatred.
The collective shame.
The disdain for others.
The emotional armor.
The buried pain.
The displaced humans.
The misplaced kindness.
The repressed trauma.
The fake positivity.
The meaningless materialism.
The forgotten HEART.
We're all tired of these patterns.
We aren't built to carry them.
Never were!
They are perverting and distorting us.
They're too heavy for our
Tender Hearts...

It has to begin, you know:

The self-love.
The collective healing.
The love for others.
The emotional release.
The liberated pain.
The welcomed humans.
The perpetual kindness.
The honored story.
The authentic feeling.
The meaningful purpose.
The open heart.

We are ready to surrender these patterns to a DEEPER LOVE.

Of self.
Of other.
Of Earth.
It's why we are here.
To rejoice in our time together,
on our beautiful planet home.
It's time to lay down our weapons
and welcome every precious human
life into our arms like a new born.
Every human cradled in compassion
and kindness.
Every human honored as a true
reflection of the DIVINE.
Every Human loved like our life
depend on it.
Because it does.

We are lost without each other!

Author: Jeff Brown.
Sent in by
Hubriana Hubbard-Bradley.

VOETSLAAN BY METSI-METSI

Op Vrydag, 4 April 2025 het die bewolkte weer nie die stappers ontmoetig nie. Hulle het tussen 06:30 en 07:00 op die parkeerarea vergader en nadat hulle hulle stap-fooie (en sommiges hulle nuwe jaar se R50 klubfooie ook) betaal het, het Dawie du Preez almal welkom geheet. Kort daarna het almal na hulle voertuie gestap en die 8.2 km na Metsi-Metsi afgelê.

Na koffie en beskuit genuttig is, het Francois Hendriksz die verwelkoming behartig. Die klub se Algemene Jaarvergadering het vlot verloop in die gerieflike en gesellige kuierarea.

Die voetslaanpaadjies is verduidelik en elkeen (of klein geselsende groepies) het koers gekry om die area by hernuwing te gaan verken.

Die vure het gesellig geknetter en die pap en sous was gou-gou gaar. Die klublede het hulle vleis gebraai en almal het heerlijk gesmul en gesels.

Groot dank aan almal wat hulle so goed van hulle take gekwyd het en ook aan die eienaar, Linda, wat die Kokanje-Voetslaanklub al vir meer as 15 jaar so gul ontvang.



Francois en die eienaar, Linda.



"Google" en luister:

"From a distance" – Cliff Richard.



PROPERTY SALES of:

- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties

PROFESSIONAL VALUATIONS of:

- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land

JAN LÜNEBURG

SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

082 371 4783 | jan@jlproperties.co.za | Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle

AC Creations

Decorators, Function Coordinators,
Suppliers of Upholstery, Furniture,
Home Decor, Curtains & Linen



JOHAN ESTERHUIZEN

081 554 6540

johane1979@gmail.com

CHRIS DYZEL

079 891 4309

chris.dyzel70@gmail.com

ONTLUIKENDE NUUS – 1 April 2025 MODI & MOLLY IS TERUG!

Dit is nou amptelik dat die twee rooikop susters MODI en MOLLY terug is in die dorp wat na hulle vernoem is. Die dorpie Nylstroom, wat in 1866 gestig is op die plaas Rietvallei geleë aan die rant van die Waterberge, is in 2002 herdoop na Modimolle nadat meneer F.L.A.M. Van Vuuren, vader van die 2 susters en oorspronlik eienaar van die grond, in 2002 'n regsdinging gewen het dat die naam Nylstroom ongeldig was, en dat hy die reg het om die dorp na sy twee dogters te vernoem.

Die twee susters Modi en Molly was eers baie opgewonde en het die kollig vir 'n rukkie geniet, maar hulle het toe besluit om vir eers na Mauritius te verhuis om die eilandlewe daar te geniet. Na die onlangse afsterwe van hulle geliefde vader, Oom Groot Flam, het hulle besluit om terug te trek na hulle geboortedorp en om terug te ploeg in die gemeenskap soos hulle vader hulle geleer het.

Hulle eerste projek was om 'n SNUFFELWINKEL oop te maak waar mens basies enige iets kan koop wat nie vasgeskroef is nie. Baie van hulle plaashuis se huisware, tuinware, gereedskap en meublement kan hier gesien en aangekoop word.

Hulle winkeltjie is anderkant die brug net langs MeatRite gelee en is Maandag tot Saterdag oop vir besigheid. Stuur 'n WhatsApp na 084-516-7988 sodat hulle vir jou 'n PlekPunt kan stuur.

Welkom terug Modi en Molly!

Sien julle by julle Snuffelwinkel.



Naskrif: Ons het by 'n baie betroubare bron verneem dat Modi en Molly ook eersdaags 'n Restaurant gaan oopmaak in die dorp, en wel by die Bosveldsig Sentrum in Maroelalaan.

Die restaurant gaan glo MODI 'n MOLLY se Boskombuis heet en dit gaan al die geregte bedien waarvoor Oom Groot Flam so lief was. Lekker braaivleis elke Vrydagaand en Potjiekos elke Sondag is 'n gegewe. Jy kan die word "Vriend" of "Vriendin" WhatsApp na 068-608-2017 en Modi en Molly sal dan enige nuus rakend die opening van die Boskombuis, asook enige spesiale aanbiedinge, direk aan jou stuur. Ons sien uit om 'n hond uit die bos uit saam met hulle te gaan kuier!

OP VER PAAIE TERUG...

So bel my broer, **Dries**, (met die steeds rustelose siel) my:

"Hoor hier, kom ons gaan kuier vir Anneline" (ons nig-gie in 'n ouetehuis in Oden-daalsrus – waar ons familie gebly het en ons kleintyd baie vakansies deurgebring het).

By die Hauptfleische (Pa se familie) en die Weebers (Ma se familie) het ons enige tyd ingestap en by neefs en nig-gies gaan speel, daar geëet en boeke geleen. En... nou is almal weg en die meeste is oorlede!

Dries en ek bespreek slaap-plek by mense wat van ons familie ken en pak daarna ons tasse.

Ons ry spesiaal by die ou be-graafplaas aan waar ons ouers begrawe is en vir 'n paar mi-nute is ons weer as gesin ver-enig... Daarna ry ons by die Hauptfleisch-familieplaas, De Hoop, se hek verby – daar woon nou ander, onbekende mense...

Die dorp se Weeber- en Hauptfleischstrate is vernoem na ons voorsate wat hulle merk maak het in die geskie-denissen van die dorp.

By die pragtige kerk praat ons van ons ouers se troudatum

(1940) en deel die uiters aan-genome herinneringe met me-kaar aangaande my en my oorlede man, Cilliers, se troue in 1963, in dieselfde kerk.



Ons gesels oor die ontsettend traumatiese gebeurtenisse – die noodlottige ongelukke waar-in ons ons 4 neefs verloor het.

Die dorp se erge agteruitgang stem ons baie hartseer en te-leurgesteld.

Ons laai Nig Anneline op vir 'n heerlike dag se uiteet en kuier. Sy was so bly!

Op pad huis toe ry ons ook deur ons grootworddorp, Sas-solburg, en soos beplan, gaan kyk ons na ons pa se eertydse gebou met winkels. Die eens mooi gebou lyk erg verniel en verwaarloos – soos die res van hierdie spogdorp van lank gelede.

Waar het ons skooldae heen gevlieg? Ek was hoofmeisie in (1958) en Dries hoofseun in die nuwe hoërskool (1961) en

ons herleef al ons en ons vrien-de se baljaar by die munisipale swembad – niemand het 'n huisswembad gehad nie!

Ons wonder of die jeug van vandag ook aan so baie vroli-ke sport-en-piekniekbedrywighede deelneem soos wat ons langs die Vaalrivier gehou het...

Daar word een stryk deur ge-sels totdat ek by my dogter af-gelaai word.

Baie dankie, my liewe broer en verstanende skoonsus. Dit was 'n hoogtepunt en 'n fees van herinnerings vir altyd.


Lina Swart



Nig Anneline, ek en Broer Dries.

NS: Ek wil dit graag by almal aanbeveel om so 'n herinne-ringstog te onderneem. Dis hartverwarmend en verrykend en 'n mens kan skaars glo watter vreugde ek en my fa-milie daaruit geput het om weer terug te delf in die verlede en lekker oor alles te ge-sels en te lag!

GROETE UIT DIE KAAP!



Ek stem heelhartig met jou saam, Lina, oor die onderneem van 'n herinneringstog. Ek en Nick het verlede jaar 'n Kaapse draai maak en onder andere vir **Bain en Herta Barnard** in George gaan besoek. Red.



INTERESSANTE (PLOFBARE) EN/OF UNIEKE WERK VERRIG DEUR KOKANJE-INWONERS

1. "IMPLOSION OF BUILDINGS AND DESTROYING OF WEAPONS OF MASS DESTRUCTION."

Wat 'n mondvol! En ja, wat 'n groot, belangrike en uiters verantwoordelike werk wat fyn beplanning geverg het en wat gedoen moes word regoor die wêreld: Engeland, Amerika, Rusland, Oekraïne, Bosnië, Serwië, Libië, ens.

Hierdie deskundiges op hulle gebied, **TIEWIE** en **INGE ZAAIMAN**, was gemoeid met, en het saam gewerk aan, die vooraf beplanning en berekening, asook hantering en plant van die plofstof vir die inplofing van geboue wat vervang sou word met nuwe strukture. Die vernietiging van die misiele was by uitstek Towie se forte.

Towie het tydens 'n Sosiale Klub-byeenkoms meer uitgewei oor sy en Inge se unieke en interessante werk.

Hulle is al vanaf 1988 in Nylstroom en hou baie van hierdie area. Hulle woon al 10 jaar lank in Kokanje en die Voetslaanklub het verskeie kere op

hulle plaas (wat hier naby was) gaan stap.

Towie en Inge is nou 60 jaar getroud. Hulle is baie dankbaar vir dr. Breedts se spreekkamer wat op die perseel is, asook vir die KE.

Hierdie Zaaimans is werklik 'n aanwinst vir Kokanje:

Hulle help gereeld opskep in die eetzaal, is by die KE werksaam (verskaf kitaar- of konsertina-begeleiding wanneer daar lekker gesing word) en hulle woon omtrent al die funksies en opvoerings in die Kokanje-saal by. Towie speel graag Jukskei en doen Line-dance. Inge lees graag en werk by die Hoekwinkel. Verder is hulle steunpilare in hulle omgewing en gee hand waar (veral heel bejaarde) bure hulpe hulp benodig.

4 Tewies:

Towie, sy seun, sy kleinseun en agterkleinseun dra almal die familie naam, **Towie Zaaiman!**

Towie en Inge het 3 kinders, 6 kleinkinders en 7 agterkleinkinders (hulle woon in Nelspruit en in Engeland).



Musiekmaak in die KE tydens 'n Demensie-stimulasiesessie. Towie speel op gehoor!



Voetslaanklub-uitstalling tydens 'n Nuwe Intrekkers-verwelkomingsfunksie van 'n paar jaar gelede.



2. (a) FISIKUS, LEKTOR, WETENSKAPLIKE, BOER EN ONDERWYSER.

GERLOF en **SANDRA ELOFF** van Huisnommer 115D woon nou al 1³/₄ jaar in Kokanje.

Hulle is lankal baie goed bekend met Kokanje want Gerlof se ouers, wyle Paul en Nine Eloff, het in 2001 in Huis 114E ingetrek. Met Gerlof en Sandra se aftrede het hulle Kokanje, in die Sonskyland, gekies om lekker saam met Nine te



kom deurbring, eerder as in Engeland.

Hulle het in Kokanje geleer middagslapies neem en hou hulle verder as volg konstruktief besig:

Albei is amateurfotograwe en lid van die Digifoto(fotografie)-klub. Hulle woon elke Vrydag om 10:00 die baie interessante **HoeSo!?**-sessies in die Lapa by. Sandra is op die bestuur van die Tuinbouklub en



werk ook in die Hoekwinkel. Voeg tuinmaak, Sudoku, blokraaisels, oorsese reise en veels te veel TV daarby, en jy het hulle aftree-wenresep!

Hulle stap soggens om die Oord om hulle gewig in toom te hou – met al die lekker kos wat ons hier kry, is dit definitief 'n vereiste!

Gerlof se verskeie interessante beroepe:

- (a) **Fisikus** by die UraanverrykingsKorporasie (UKOR).
- (b) **Lektor** by MEDUNSA (in die Mediese Fisika departement).
- (c) **Wetenskaplike** in die departement Kerngeneeskunde by Garankuwa hospitaal.
- (d) en by die Atoomenergie-

korporasie by Pelindaba, waar hy eers neutroondiffraksie gepleeg het in die skaduwee van die SAFARI-1-reaktor en daarna in die Departement Materiaalkunde die korrosie van reaktorbrandstofbuis bestudeer het.

Met die koms van die Nuwe Suid-Afrika het Gerlof die geleentheid aangegryp om vrywillig oorbodig verklaar te word en vir 7 jaar in Hoedspruit gaan (e) **Boer** met mango's.

(f) **Onderwyser** (Fisika, Chemie en Wiskunde) in Exeter.

Sandra se beroepe:

Lektrise by Medunsa se departement Medies Fisika, en

ál die dokters wat tussen 1982 en 1994 daar eerstejaar was, is hulle kennis van Fisika aan haar te danke!

Onderwyseres by Laerskool Drakensig en in London en Exeter.

Die aanvanklike 5 jaar wat ons beplan het, het toe 20 jaar geword en ons kinders het in Engeland gestudeer en hulle lewensmaats ontmoet. Ons oudste 2 woon nog daar en die jongste in die VSA.

Ons is trotse Ouma en Oupa van 8 kleinkinders, 6 in Engeland en 2 in Amerika. Dis so ver, maar beeldoproepe oor die Internet hou ons in kontak met mekaar.

3. PRIVAATSEKRETARIS, SKAKELBEAMPTE, KONTROLEUR EN POLITIKUS



Op 2 Januarie 1973 het beide **Karel Minnie** en **Annaleen** Bosman (onbewus van mekaar) vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Paaie Departement, in die Bulgebou by Kerkplein in Pretoria begin werk. Sy as Tikster en hy in die Finansies Afdeling. Einde 1974 begin hulle uitgaan, trou in 1978 en word geseën met 3 seuns. Daar het 3 skoondogters en 'n span kleinkinders

intussen bygekom. **Annaleen se rol as Moeder en Anker** in die Minnie-huishouding was en is steeds onoortreflik.

KAREL SE UNIEKE AMPTE:

1. **Privaatsekretaris** van die Administrateur van Transvaal, dr Willem Cruywagen, met direkte daaglikse skakeling met die voorlopers in die Provinsie (Onderwys, Hospitaaldienste, Plaaslike Owerheidsdienste, Natuurbewaring, Paaie en Werkedepartement, ens.)

Daaglikse betrokkenheid by Ampswonings:

Overvaal (Administrateur van Transvaal), die Presidensie en Libertas (Staatspresident in Pretoria), Westbrook en Groote Schuur (in die Kaap), Botha-huis (Natal) en Tuynhuys en die Parlementsgeboue.


Woon op die Groote Schuur-Landgoed en die Presidensiele Landgoed.

2. **Skakelbeampte tussen:** Kabinet, Komitees, Ministers, Adjunk-Ministers, Administrateurs, Direkteur-Generaals en Hoofde van die Uniformmagte.

Bevoorreg om in 'n mindere of meerdere mate met al 8 Staatspresidente (sedert 1980) kontak te hê.

3. **Kontroleur** van Staatspresident F W en mev. Marike de Klerk se huishouding.

Op 2 Februarie 1990 het Karel die beroemde toespraak, waarin min mense 'n insae gehad het, by die Staatspresident se vertrek na die Parlement aan hom oorhandig, en hom sterkte toegewens. Dit was vir Karel 'n unieke ervaring.





Wasgoed nagmerrie.....
Ons sal jou nagmerrie laat
verdwyn met ons kwaliteit
dienste

082 858 7748

12 WOLMARANS STR
MODIMOLLE

ONS DIENSTE::

- Was, stryk en vou ✓
- Stryk van klere ✓
- Gordyne (afhaal en ophang van gordyne). ✓
- Linne, komberse, talfeldoek. ✓
- Optel en aflaai van wasgoed SLEGS in Kokanje ✓
- Was van klein matte en kussings ✓



Kokanje
Schoonheidsalon

Foot & Body
Worx

DIENTE

- TINT
- WAKSBEHANDELING
- VOETBEHANDELING
- MASSEERINGS
- NAELBEHANDELING
- WENKBROU
- WIMPERS
- FACIALS
- GEL NAELS
- ACRYLIC NAELS

KONTAK

MARI MARE: 082 874 9249
BIANCA DOMAN: 079 520 1836



Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD




Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus

**Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511
Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)



Naaimasjien en omkapmasjien Hersteldiens

**Diens en Herstel van alle fabrikate
teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns
Dalene: 082 213 5111

Intense betrokkenheid (binne en buite die lokaal) by die eerste samesprekings tussen die Regering en die ANC by Groote Schuur.

Karel was altyd eerste bewus van alle belangrike besluite wat Suid-Afrika se toekoms drasties oor die jare beïnvloed het.

4. Politikus:

Na 20 jaar in die Staatsdiens het Karel self die politieke toneel betree – 15 jaar as Stadsraads lid van Centurion en Tshwane en met die hoogtepunt as Onderburgemeester en daarna Burgemeester van Centurion.

Die 5 jaar as Parlements lid van die Amptelike Opposisie het Karel nuwe perspektiewe gebring.

Aftrede in Kokanje:

Die totale pakket van 'n Bosveld-omgewing, goeie huisvesting, Sport- en Ontspanningsfasiliteite, alle dienste wat aan 'n bogemiddelde aftree-leefstyl voldoen en die model wat homself oor jare bewys het, het die Minnies se verwagtinge by verre oortref.

Karel was voorheen SOD BK-Lid, hy dien tans op die besture van die Tafeltennis- en die Voetslaanklub.

Op Karel en Annaleen se stokperdjies:

Voëlkyk, Fotografie, Rolbal, Jukskei, Gholf, Tafeltennis, Naald- en Kwiltwerk, Tuinmaak, Kuiertjies en Onthaal.

Karel se eie woorde:

"Ons lewens was so vol ongelooflike binnekring-ondervindings dat dit moeilik is om uitsonderings te maak. Ons is dankbaar vir al die belewenisse, want

ek het nog nooit die

Goeie Vader se doel met ons lewens in twyfel getrek nie."



5 STERRE VIR TUISVERSORGING

So gebeur dit toe dat in die bykans 20 jaar wat ons hier in Kokanje woon, ek 'n knievervanging moes deurworstel (met so hier en daar komplikasies daarby) en nodig gehad het om vir die eerste keer van die hulp van Tuisversorging gebruik te maak.

Ek kan maar net in die oortreffende trap bevestig dat, hoewel maar huiwerig aan die begin, ek net die grootste respek en dankbaarheid in my hart koester vir die uiters vriendelike en professionele diens wat ek ontvang het. Deernis onder moeilike omstandighede, nooit ongeduldig nie, al was dit soms in die nagtelike ure, om 'n "drip" te vervang. Soms moes ek haastig by dr.

Breedt se spreekkamer kom en met net 'n telefoonoproep was die verpleegsters dadelik hier met 'n rolstoel om my in die motor in te help. En net 'n telefoonoproep vanuit die spreekkamer en hulle het my ingewag by my huis om my weer uit die motor uit te help.

Op die dag wat ek so gesukkel het om myself uit die lae sitplek van ons motor uit te wurm, is Gloria by met die rolstoel en sonder enige verdere omhaal lig sy my somer uit die motor uit en bevind ek myself teen haar stewige, sagte lyf. Wat 'n saligheid! As ek kon dig, het ek 'n gedig geskryf met die titel: **"Aan die Boesem van Gloria!"** (Dit dan somer in ligter luim...)

Graag wil ek hiermee vir al die Tuisversorgers sê:

"BAIE DANKIE en WELGEDAAN!"

Alhoewel ek nou reeds gespeen is (van die tuisbesoeke), mis ons nogal die vriendelike "More Oupa!" en "Hoe gaan dit vandag met Ouma?"

Marita Beneke.

Braam en Marita.



KOKANJE SE BLOEDDRUKKLINIEK

Probleme met u bloeddruk?

Kom gerus elke **Woensdag**,
vanaf **11:00 tot 13:00**,
na Suster Pulane Thejane
se kantoor.



Vir herstel werk en verstellings aan klere. Kontak Estelle 073 945 3527 Modimolle



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4



Vir gehaltdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.
Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese
herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir
padwaardigheidsstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag
aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en
stofsuij ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

Josef Botes VERVOER



■ KLIP ■ VULSEL

■ TUINGROND ■ SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM

☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548

☎ 014 717 3606

IN LIEFDEVOLLE
HERINNERING AAN



JOSEF BOTES

6 JUNIE 1946 – 1 FEBRUARIE 2025

PLESIERIGE MISPELSTRAAT-INWONERS KUIER HEERLIK SAAM

Ongeveer 'n derde van Mispelstraat se Inwoners het om 11:00 op Saterdag, 1 Maart, 'n baie gesellige Blokbraai by die Lapa bygewoon.

BK-Lid Johan de Beer, met Engela aan sy sy, het sy blok se byeenkoms afgeskop met 'n hartlike verwelkoming aan elkeen. Hy het ook vir Rina Lüneburg en haar helpers, wat alles georganiseer het, hartlik bedank en 'n paar van die Inwoners het agterna sommer skriftelik hulle dank neergepen. (Elsie Nel, Antionette Tredoux, Carin Fourie, Rina Lüneburg, Ella Taljard, Johan en Susan Strümpfer, Jannie en Mari Jacobs, Marie-Louise Hefer, Rachel Miller, Pieter en Hanneljé van der Linde, Anne Oosthuizen, Hannes en Marie Viljoen, Johan en Engela de Beer.)

Daar is 'n paar *HoeSo!?*-vragies gevra en nadat Pieter van der Linde met gebed geopen het, het die braaiers hulle werk gedoen.



Mari Jacobs is bedank vir die heerlike boerbrode wat sy verskaf het om saam met die lekker tuisgemaakte konfyt te eet.

Almal is dit eens dat hulle die samesyn, die heerlike voedsel en drinkgoed baie geniet het en dat so 'n aangename geleentheid sommer gou weer moet gebeur!



HIPPIE, HIPPIE, HOERA!

Elsa du Plessis

Maroela-straatblok het op 22 Maart 2025 weer eens 'n heerlike funksie gehad. Hierdie keer met 'n baie interessante Kinkel! Ons moes aantrek soos in die jare 60!

Nuwe Intrekker, Arina Jooste, het behoorlik uit die "box" gedink met die tafelversierings!

"Popcorn and chip" is geniet terwyl die mans die "patties" gebraai het – alles op maat van musiek van daardie jare wat Johan van der Hoven vir ons gespeel het.

Na die heerlike "hamburgers" geëet is, is daar lekker gekuier en gesels oor die Goeie Ou Tyd.

Toe word daar ge"rock & roll" en ge"jive" met Elvis Presley as gaskunstenaar. Niemand het gewys hulle het heup- of knie-vervangings gehad nie!

Stokflou na al die dansery is ons verras met 'n heerlike "soda float".

Ai, maar ons het alles sóóó geniet!




KOKANJE-KULTUURKOMITEE



Die Kultuurkomitee bestaan tans uit 12 lede – 9 dames en 3 mans en is nie 'n komitee met winsbejag nie, maar streef daarna om alle Kokanje-Inwoners te akkommodeer en waardevolle en interessante aanbiedinge op die planke te bring.

'n Suksesvolle klassieke Valentynsaand, in samewerking met die Damesklub, is op 14 Februarie aangebied.

Om die l ng Sondagmiddae 'n bietjie korter te maak, is daar besluit om baie van ons funksies te skuif na daardie middag toe, wat ook vir ons KE en 90+-Inwoners die geleentheid sal gee om dit by te woon. Die Kultuurkomitee het hierdie nuwe aksie afgeskop met 'n Andre Rieu-filmvertoning in Maart.



Een van ons hoogtepunte is ons jaarlikse langtafelete in April (eksklusief vir die Komitee) om dankie te s  aan elke lid vir hulle toewyding en harde werk.

April /Mei is Karnavaltyd. Kom geniet die alombekende Huis-konsert, in regte Karnaval-

gees op Donderdag, 1 Mei by die Karnavalterrein.

"Stoepstories", 'n aand van lekkerlag en saamkuier vind in Mei plaas en in Junie volg die tradisionele Melkkosaand met gaskunstenaar Sarina Briedenheim wat heerlike Afrikaanse musiek gaan saambring. Die viering van Afrikaans se 100-jarige bestaan vind in Augustus plaas – die kunstenaar wat gaan optree, word nog as 'n geheime verrassing gehou.

Arina de Witt besoek ons op 12 Oktober.

Einde November word die jaar afgesluit met die aanskakel van die Kersliggies, wanneer 'n heerlike piekn k- en saamkuiergeleentheid weer beplan word.



KULTUUR-GROETE!
Rina
L neburg



Beide dames en mans kan by die Kultuurkomitee kom aansluit en deel word van 'n unieke groep mense. Kontak gerus ons Kultuurkomitee-voorsitter, Bettie Botha – sy gaan weer in 2025 'n haas uit 'n hoed trek want sy weet n t hoe om haar lede en die Kokanje-gehoor gelukkig te hou!

Bettie, jy en jou Span bied veel vreugde aan Kokanje! Baie dankie vir julle harde werk die afgelope tyd. **Red.**

POSTNET, ONS DRUKKERS, IS DIE BESTE!

Postnet het so pas die "Didimat Old Mutual Community Appreciation Winner"-toekenning ontvang. Die hele gemeenskap het gestem om hulle dankbaarheid te toon vir die Voortreflike Diens,



Liefde en Omgeegesindheid van Postnet.

Die Redaksie van **KOLLIG** stem heelhartig saam.



"AFRICA – A DREAM UNFOLDS

INTERNATIONAL COMPETITION:

Open to all Floral Artists residing on the continent and affiliated members of clubs throughout Africa, living overseas."



Joan Schoeman,

een van ons Kultuurkomitee-dames,

het ingeskryf vir hierdie "eens in 'n leeftyd"-kompetisie. Daar was 12 verskillende klasse.

Joan se keuse het op klas 5 geval:

"Afro Chic – headgear and necklace (photographed on a live model)."

Dit was die eerste virtuele kompetisie van Afrika-rangskikkings: Gereël en beoordeel

deur Kenia, Zimbabwe en Suid-Afrika.

Joan se model was haar huis-hulp, **Catherine Kultumela**. Die fotograaf was **Elma Venter**, lid van Kokanje se Digi-fotoklub.

Joan se plantmateriaal vir haar rangskikking was alles uit Kokanje:

Piesangblare, Palmboomsade, Sekelbossade en Vlamlelies.

Verf is toegelaat op die plantmateriaal.

Bykomstighede:

'n Bietjie draad en lap met 'n Afrika-motief as inspirasie vir die kleure wat gebruik is.

Joan het weke lank aan haar projek beplan en baie tyd daaraan bestee.



Ons, as Kultuurkomitee, is baie trots op Joan!

MEDALJES ROL WEER IN!

Ons 3 sterre, Annette van Dyk (70+), Miggie van der Walt (70+) en Babsie Grobler-Crafford (80+) het op 28 en 29 Maart op Pilditch, Pretoria, meegeding en hulle **Gauteng-Noord Meestersatletiekkleure verwerf** – een dag in gietende reën!

Medaljes as volg verwerf:

Annette – 7 Goue Medaljes	}	* "Penthathlon throws, Hamergooi,
		Spiesgooi, Gewigstoot, Massagooi, Diskus en Griekse Diskus.
Miggie – 7 Silwer Medaljes	}	
en		
Babsie – 6 Goue Medaljes	}	
(6 van bogenoemdes *),		
plus 1 Silwer Medalje (Spiesgooi).		

Wat volg?

12 April – Sentraal Gauteng Meesters Kampioenskappe (Germiston) en 1, 2 en 3 Mei – Suid-Afrikaanse Meestersatletiek Kampioenskappe (Oudtshoorn).




NET 3...

3 dinge in die lewe wat nooit terug kom wanneer dit verby gegaan het nie:

Tyd, Woorde, en Geleenthede.

3 dinge wat 'n persoon maak:

Harde werk, Vindingrykheid, en Verantwoordelikheid.



Die ander persoon op die foto is Victor Young van Bela-Bela.

Bladsy geborg deur Lonka Bergsma. Baie dankie, Redaksie.

SORGKOM: NUWE DEERNISGROEP IN KOKANJE BRING SOVEEL VREUGDE!

Eensaamheid was eers 'n stille, maar kragtige, teenwoordigheid in die lewens van baie bejaardes in Kokanje. Dit kon hul fisiese en emosionele welstand nadelig beïnvloed. (Ons verwys ook na dr. Anna Eleonora van Rooyen se praatjie by ABBA.)

Daar is verskeie faktore wat bydra tot eensaamheid by bejaarde persone.

(a) Een van die mees algemene is die verlies van 'n huweliksmaat of naaste vriende. Hierdie verlies lei dikwels tot 'n gevoel van verlating en leegheid.

(b) Fisiese beperkings en gesondheidsprobleme, soos sig- of gehoorverlies, kan interaksie met ander bemoeilik en sosiale aktiwiteite later onmoontlik maak.

Die "vir die Inwoners deur die Inwoners"-oplossing:

1. Gedurende Junie 2024, het Henriëtte Els, ons Maatskaplike Werkster en sr. Pulane Thejane van Tuisversorging navorsing gedoen en 'n lys opgestel van Inwoners wat baat kon vind by gereelde besoeke tuis. Hierdie Inwo-

ners se enigste kontak op daardie stadium was met die Personeel van Tuisversorging (pille-aflerwing) en die persoon wat hul etes aflerw. Alhoewel die Personeel graag 'n bietjie sou wou gesels met die Inwoners, het hulle ongelukkig daaglik heelwat ander besoekpunte.

'n Paar dames in Kokanje is genader om hulp te verleen... Hierdie "**Uitreikers**" is gekoppel aan spesifieke persone wat besoek moet word en daar is al selfs nuwe vriendskappe gebou.

Gereelde terugvoer help om probleme wat opgespoor word, vertroulik te hanteer en deur te gee aan die betrokke Personeel om op te los.

2. Ons weet egter hier in Kokanje is daar ook nog talle "stille engele" wat uitreik na hul bure en

ander Inwoners. Daar word vrywilliglik hulp verleen met dorp toe gaan vir inkopies, hare-versorging, Pretoria toe neem vir spesialisbesoeke en vele ander take.

Bogemelde 2 uitreikdienste wys net weereens die sagte harte van Kokanje-Inwoners vir mekaar. Deur empatie en aktiewe betrokkenheid word ondersteuning verleen en elke bejaarde persoon is nou sigbaar en word werklik gewaardeer.

BELANGRIK: Raak betrokke!

Kontak gerus vir Groepleier Engela de Beer (072 239 6824), of Marinda van der Westhuizen (082 771 4890).



VOEDSELDIENSKOMITEELEDE SE PRAGTIGE, NUWE VOORSKOTE...

TYDENS PAASTYD





**KE-INWONERS
PER
ROLSTOEL
KERSLIGGIES
TOE!**





Country
Shop



Farm
Kitchen

Lilies & Limes is nestled in a charming outdoor setting. Our restaurant offers a tranquil escape where you can savor homemade meals crafted with love and care.

It's the perfect spot to relax and indulge in delicious goodies, from freshly baked treats to hearty dishes.

Take a stroll to our country shop, brimming with handcrafted goods and homemade delights that capture the essence of comfort and tradition.

Come for the flavors, stay for the serenity!

Monday-Sunday 8h00 - 17h00 / Cindy 072 341 6117
Only 6 km from Modimolle / R33 towards Vaalwater

Free WIFI / Licenced to sell Alcohol



LAUNDRY SERVICES
DROP OFF & COLLECT
For more info contact
wishywashynyl@gmail.com

062 191 4174

Kerkstraat 105 Modimolle
**Nuwe afgee punt
met toeganklike parkering**



Kokanje inwoner promosie
Was, Droog en Stryk slegs R28.50 per kg

Komberse en Linne 10% afslag op dienste

*Nuwe Versorgings Eenheid pasiente
eerste twee maande 50% korting op dienste*

*Gratis optel / aflewering daaglik vir
Kokanje inwoners*

T & V's Geldig





Matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekermers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

KERSVREUGDE IN DIE KE!





083 310 8214 (24h)
galcon@galcon

André de Lange (Franchisee)
083 310 8214

Carin de Lange (Franchisee)
083 577 8789

Chandré Olivier (Manager)
073 954 3535

Our Offices

Modimolle
101 Nelson Mandela Drive
015 280 0059

Mokopane
121 Ruiter Road
015 491 2014

Polokwane
Unit 1 Casa Mia
23 Rabe Street
015 280 0048

"THE LORD
HAS KEPT ME ALIVE
& ^{WELL}AS HE PROMISED....

SO GIVE ME THE HILL COUNTRY
THAT THE LORD PROMISED ME....
IF THE LORD IS WITH ME,
I WILL DRIVE THEM OUT
OF THE LAND,
JUST AS THE LORD SAID."

JOSHUA 14:10,12





KERSFEES KINDER- PROGRAM





KERSFEES- VAKANSIE




SE VROLIKE KINDERPROGRAM



MANZI™

WATER GIVING LIFE

The Water REFILL PROCESS



Refill at R1.20



 **SAND
FILTRATION**

 **ELEMENT
FILTRATION**

 **REVERSE
OSMOSIS**

 **CARBON
FILTRATION**

 **UV
PROTECTION**

 **OZONE
TREATMENT**



Hervul van Waterbottels
PENSIOENARISSE
SLEGS 90c PER LITER

Terms & Voorwaardes geld



079 743 5023

H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou, MODIMOLLE



VOEDKOM:

**EETSALE EN
OPSKEPPUNTE 'N
KERSFEES FEES!**



Modimolle



Jy het nie net 'n meesterplan nodig om jou doel te bereik nie, maar ook 'n **MEESTERBEPLANNER** om jou koers te bepaal.

Ons dienste sluit in

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
Welvaartbestuurder : Sekuriteite

Jan.DeVilliers@psg.co.za

+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
Administratiewe Assistent

Bonnette.Angelique@psg.co.za

+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
Welvaart Adviseur

Strydom.Wico@psg.co.za

+27 (83) 712 0302

Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle

+27 (14) 717 1036


psg.co.za



Afdeling D en E se Inwoners het hierdie versierings gemaak vir hulle Kersboom en kamerdeure!

0828919098 | **ONS WINKEL** Nylstroom

Jou ongewenste items skep hoop vir die toekoms!



Die 8 Ons Winkels in Limpopo befonds die volgende:



Betaal 6 personeellede se salarisse



Bemagtig leerders in die hele streek met opleiding en opheffingsprojekte



Ondersteun Ons Plek Naboomspruit



Doen volhoubare gemeenskapsontwikkeling



Versterk en brei die streek se kapasiteit uit



Ondersteun gemeenskapstudiefondse



Ondersteun voedingskemas



Ondersteun projekte vir bejaardes en persone met gestremdhede

* CAMP *

Bergkoninkryk



Winter Special

Valid June and July 2025

R2000 for 10 days

Price valid for 2 people

- Private Ablution
- Double Zinc
- Shade Net Awnings
- Grass Stands
- Electricity/Water

Book Now

More Information:

0713540110

www.bergkoninkrykguestfarm.com

PENSIONERS

Discount

20% OFF

Only on Mondays

Cut, Cut & Blow, and Blowdry

✉ herman.studioh@yahoo.com

☎ 061 354 0459

📍 105 Albert Luthuli St

BOOK NOW



T's & C's Apply



NUWE INTREKKERS – WELKOM IN KOKANJE!

1. JOHAN EN DIANA MOOLMAN, née Janse van Vuuren. Huis 21A.

Hulle het voorheen in Secunda gewoon en alhoewel hulle niemand hier geken het nie, het hulle besluit om solank die skuif na Kokanje te maak terwyl albei nog baie aktief is.

Hulle sal binnekort begin inskakel by klubs.

Stokperdjies: Skiet (Johan) en hekel (Diana).

Johan was in die Tegniese bedryf en Diana het by boekhouders gewerk (Payroll).

2. MARIA PRETORIUS, née Lessing. Huis 34C.

Sy was in die onderwyssektor werksaam, het vanaf 'n plaas by Ellisras na Kokanje verhuis en ken reeds vir Marie Glas, Johan en Bella Stapelberg, Petro van Staden en Corinne Jahn.

Die Versorgingsdiens van Kokanje het haar laat besluit om hier te kom woon waar sy nie meer so alleen sou wees nie. Maria het by die plaaslike kerk ingeskakel en sy hou van verf/skilder, naaldwerk en tuinmaak.

3. ZUZETTE ROETS, née Olivier. Huis 38D.

Sy het voorheen in Koro Creek gewoon.

Noel en Annatjie Vermeulen het haar oorreed om hierheen te verhuis en van die KE se voordele en Riaan Roets se lekker kos vertel.

Suzette wil graag brug speel en sal seker binnekort by die Brugklub aansluit.

Sy was in die Onderwyssektor.

4. FRANS SAAIJMAN EN SUZETTE VD MERWE, née De Beer. Huis 58A.

Voorheen van Naboomspruit. Hulle is bekend met Theuns de Villiers en vele ander Inwoners.

Hulle glo dat Kokanje 'n wenresep het en het hierheen verhuis om 4 redes, nl:

1. Sosiale aktiwiteite.
2. Sekuriteit.
3. Finansiële voordele.
4. Versorging.

Fotografie, tuinbou, geologie en antieke kombuis implemente is Frans se belangstellings. Suzette se stokperdjies is naaldwerk, stap en natuurbewaring.

Frans was 'n mediese dokter en Suzette het vir 22 jaar in

Kokanje se finansiële afdeling gewerk.

5. MARIETHA EN DANIE UECKERMANN, née Van der Berg. Huis 82F.

Hulle het in Nylstroom gewoon en ken reeds baie gemeentelede van hulle kerk wat hier woon.

Hulle sê: "Ons is altwee Bosveldmense en Kokanje is die beste waarde vir geld in Suid-Afrika."

Die Ueckermans stap, toer, kamp en swem graag en doen hande- en naaldwerk in en om die huis. Fliekskyk is ook een van hulle stokperdjies.

Wiskunde tutor en predikantwees is in hulle bloed.

6. MARTIN EN CONNIE PRINSLOO née Koekemoer. Huis 86D.

Martin en Connie kom van die plaas Elandsfontein, waar hulle met Brahman-beeste geboer het. Hulle broer en skoonsuster (Johan en Isabel Prinsloo) is bly dat hulle hierheen verhuis het, om rustig oud te word in Kokanje.

Stokperdjies: Gholf, rolbal en lees.

(Martin is ongelukkig intussen oorlede. Ons innige simpatie.)



WAT SÊ DIE DOKTER?

OOR BEROERTES EN HARTAANVALLE

Kardiovaskulêre probleme.

1. BEROERTE – 'n ernstige **vaskulêre (bloedvat) insident** en kan beskou word as 'n **'brein-aanval'**. 20% van alle sterftes kan hieraan toegeskryf word.

Met beroerte word **bloedvoorsiening afgesny na 'n deel van die brein, of daar is drukking op die brein na 'n bloeding**.

A. Oorsake:

1. 85% van die gevalle is **isgemiese beroerte** – 'n **bloedklont (trombose)** blokkeer bloed in die arterie op pad na die brein.

(a) **Trombotiese beroerte:** **Cholesterol-opbou en -blokkasie** in arteries in die brein.

(b) **Emboliese beroerte:** **Bloedklont** ontstaan in die liggaam en beweeg na die brein, waar dit 'n arterie blok.

2. Hemoragiese beroerte

(a) **Bloeding in breinweefsel** wanneer 'n **bloedvat in die brein ruptuur** a.g.v. hoë bloeddruk, 'n aneurisme en bloedverdunningsmedikasie.

(b) **Subarchnoïede bloeding:** Tussen brein en skedelbeen, wat drukking op die brein veroorsaak en dit beskadig breinweefsel – veroorsaak deur hoë bloeddruk en hoofbeserings, soos val.

3. **'n Mini-Beroerte** – verbygaande isgemiese insident (duur tussen 'n paar minute tot 24 uur), is 'n tydelike afsluiting van bloed na die brein en moet as waarskuwing beskou en verder ondersoek word.

B. Simptome:

1. Skielike, kloppende hoofpyn.

2. Linkerkantste deel van die liggaam is nie in staat om normaalweg te funksioneer nie. Een kant van gesig hang en arm/s is te pap om op te lig.

3. Duiseligheid en gebrek aan balans en koördinasie.

4. Sigprobleem in 1 of albei oë.

5. Praat met moeite, met 'n sleptong en onsamehangend.

C. Aksie:

Spreek dadelik jou dokter. Hoe vinniger daar opgetree word, hoe beter.

Pasiënte word verwys na die hospitaal en daarheen vervoer per ambulans.

D. Behandeling:

Indien die bloeddruk baie hoog is (150-220 mmHg sistolies), moet dit verlaag word tot 140 mmHg sistolies.

In praktyk kan slegs ondersteunende behandeling gegee word soos infuus, kateter, oop lugweg en suurstof.

F. Voorkoming:

1. *Beheer bloeddruk en stres.*

2. *Hou cholesterol so laag as moontlik.*

3. *Beheer bloedglukose in diabetes.*

4. *Hou op rook, gebruik alkohol matig en verloor gewig.*

5. *'n Studie in Taiwan het getoon dat (veral jonger) mense met slaaploosheid en/of slaapapnee, 'n 54% groter kans het vir beroerte. Slaaploosheid moet met medikasie verlig word.*

6. *Doen oefeninge om fiks te word.*

2. HARTAANVAL

(**Miokardiale infarksie.**) 20% van alle sterftes kan hieraan toegeskryf word. Verstopping is meestal in die linker ventrikel.

Vanaf die Aorta ontspring daar 2 arteries na die hartspier – regs en links. Hulle is nie met mekaar in verbinding nie en as nommer 1 verstop raak, kan nommer 2 nie help met bloedvoorsiening nie. 'n Algehele blokkasie belemmer die bloedvloei en selle en die hartspier in daardie gedeelte gaan dood deur gebrek aan suurstof.

A. Oorsaak:

1. **Arterosklerose of verstopping van die arterie** is as gevolg van **cholesterol-aanpaksel** in die wand van die aar.

2. **Hipertensie (hoë bloeddruk)** verhard arterie-wande wat die intima (binnevoering van die arterie) beskadig.

3. **Rook.**

4. **Diabetes.**

5. **Vetsug.**

6. **Spanning.**

7. **Familiegeskiedenis van hartaanvalle.**

B. Simptome:

1. 2-4% is pynloos en pasiënt voel net baie moeg en kortasem. EKG word gedoen en dan word die infarksie gediagnoseer.

2. Akute hartaanval (linker ventrikel) word gekenmerk deur borspyn agter die borsbeen en spreid na die kakebeen en linkerarm. Pyn kan ook oor die bobuik wees. Tipiese drukkende, benoude gevoel, onreëlmatige pols, lae bloeddruk met 'n vinnige flou pols. (Regter ventrikel – pyn aan die regterkant.)



WAT SÊ DIE DOKTER?

OOR BEROERTES EN HARTAANVALLE

(Vervolg.)

C. Aksie/Diagnose:

'n EKG kan dit dadelik aantoon of as dit na 'n uur of later weer herhaal word.

Bloedtoetse gee 'n aanduiding van die erns van die skade aan die hart.

D. Behandeling

1. Reël vir 'n ambulans om pasiënt na 'n kardioloog te neem en stuur dokumentasie i.v.m. die behandeling tot op datum, saam.

2. Intraveuse infuus (drip) om oop toegang te verleen om middels toe te dien, indien nodig.

3. Gee suurstof en behandel borspyn met morfien (verminder miokardiale en mikro vas-kulêre skade en het sederende en kalmerende effek).

4. Gee dadelik:
'n Bilacor 5 mg tablet en
'n 500mg Disprin. Spuit Clexane om verdere trombose (bloedklonte) te voorkom.

E. Hospitaalbehandeling en Nasorg soos voorgeskryf deur Kardioloog.

F. Voorkoming

Cholesterol en LDL moet so laag as moontlik gehou word.


Baie dankie
dr. CAS Breed
vir hierdie baie
belangrike
inligting.



WAT NOU?

Die man was 'n
geheelonthouer...

tot hy met Alzheimer
se siekte
gediagnoseer is.



AWENDSTILTE

Die fisante het vir eers gaan lê...
beleë heimweë sweef nou
op die sagte stilte
van mopanies wat ruis
in die bosveldskemer
se langsame asemteug.
Die vroeë sterrespieël
wieg ritmies op die rietkuil
se voorhoofrimpels
waar 'n bontrugwewer
se gaatjieshuisie
van halm en tak,
skamerig in sy soom weerkaats.
Die vooraand se stille vloei,
vul die lug
met 'n sproeireën van lig,
gebalsemde kalmte,
die gedempte toonkleur van
rustigheid
en die soet geur van grassade
wat vroeg reeds swanger pluim.
Rus my siel,
die awend is jou woning...

Braam Beneke
Uit sy bundel,
"Herkoukos".



KERSVERSIERINGS A-LA-MALI EN VOEDSELDIENS

Die storie agter die storie...
deur **Mali Lacock**:

Soos só dikwels al in my lewe het die teksvers Romeine 8:28 "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet..." gestalte gekry daardie eerste week van Desember 2024.

Riaan Roets en Adré Bernhardt het my gevra om die Kokanje-eetsale se opskeppunte te versier vir Kersfees en om die nodige aankope te doen.

Sjoe! Waar begin 'n mens?

Ek dink en soek, maar my idees en beplanning wil nie regtig rigting kry nie – totdat ek daarvoor begin bid het. Ek het die Heilige Gees vir leiding gevra, tot in die fynste detail, en dit by Jesus se voete gelaat.

Wat ek ook ernstig vir die Vader gevra het, is dat, hoewel dit dalk vir die wêreld "blink"

mag vertoon, daar tog 'n **Boodskap** sal deurkom wat sal strek tot eer en verheerliking van Sy groot en wonderlike Naam.

'n Paar dae voor die Vrydag waarop ons beplan het om die Eetsaalversiering te doen, vaar ek die dorp in, maak draaie in 'n paar winkels met moontlike potensiaal en kom uiteindelik uit by 'n plek met 'n reuseverskeidenheid – en billike pryse!

Steeds het ek nog nie regtig 'n uitgewerkte plan in my kop nie, maar ek koop soos wat ek gelei voel.

Ek en my kosbare en hulpvaardige vriendinne van Voedseldiens, **Hester Boshoff en Adré Bernhardt**, werk die hele Vrydagmiddag onverpoosd. 'n Prentjie begin vorm aanneem. Elke item, groot en klein, vind sy plekkie, tot die laaste blink stringetjie, elke kersie, liggie en bloedrooi Poinsettia-plant!

Ek staan terug en bekijk die prentjie by elke opskeppunt. In my binneste wel die gemengde gevoel van dankbaarheid, blydschap en verwondering op!

Sonder dat ek dit vroeër besef het, het ons in drieë gewerk – die hoë driehoek-"kersboom"-torinkies, kersies/lampies en ander versierings. Die "Boodskap" het nou skielik duidelik uitgestaan:

Dit het die Goddelike Drie-Eenheid gesimboliseer, asook Geloof, Hoop en Liefde!

Ons vier Kersfees met bogenoemde in gedagte en die wete dat Jesus Christus mens geword het en gekom het om ons mensdom te kom uitred!

"Dankie Here, U ken die begeertes van ons harte, en dankie dat U dit nie gering ag nie. Dankie vir U groot Liefde!

Amen."

Sien **KLEURCOLLAGE** van die pragtige Kersversierings op **BLADSY 45**.

GEBRUIKLIKE KERSDAG-FEES IN KOKANJE BARS UIT SY NATE!

Kersdag 2024 se Kersete word nou gekenmerk as

DIE GROOTSTE FEES

tot dusver en almal het hierdie spesiale geleentheid en gesellige samesyn weer besonder baie geniet! Daar was nie net talle enkellopende Inwoners teenwoordig nie, maar ook Inwonerpaartjies en Inwoners wie se kinders en besoekers ook deel wou wees van die verrigtinge wat nou al soveel bekendheid verwerf het.

Gerrie en Madeleine Farrell en Susan en Michiel Human

het hulle weer fantasties en professioneel van hulle self-

opgelegde liefdestaak gekwyd. Die tafels het weereens gekreun van die feesgangers se smaaklike spogdisse en nagereg. 15 eetsaaltafels vol vleisdisse, heerlike slaaie en bykosse! Te veel om van almal te proe! En die nagereg was weereens roomys en souse.

Dié 2 paartjies bedank die addisionele staatmakers wat hulle elke Kersfees bystaan om hierdie feestelikhede so noukeurig te beplan en tot uitvoer te bring. Nie 'n geringe taak nie, as 'n mens dink dat daar **140 feesgangers** in 2024 was. **Riaan Roets en die Voedseldienspersoneel**

wat betrokke was by die opwas van die skottelgoed word ook hartlik bedank. **Gert van Heerden** word bedank vir die Kersboods cappie en Tafelgebed.

Die Farrells en die Humans het te kenne gegee dat hulle die leisels nou graag wil oorgee, na **4 jaar**. Hulle is bereid om die nuwe organiseerders goed touwys te maak en hier en daar hand te gee met die 2025-Kersdagete.

Nader dus asseblief vir **Susan Human** sommer nou al:
082 853-8261.

(Inligting verkry van Susan Human.)

VOEDKOM-OPSKEPPERS BEDANK TYDENS SPESIALE FUNKSIE

Miskien dink jy jou lewe is nutteloos.

Maar, hier in Kokanje:

Eet iemand uit die bord

wat jy so pas volgeskep het.

Hoor 'n Inwoner hoe vriendelik jy groet,
en glimlag terug.

Lees iemand 'n boek wat jy aanbeveel het.

Lag lekker uit die maag na 'n harde dag,
want hulle onthou 'n grap wat jy vertel het.

En hou iemand 'n bietjie meer van hulleself
omdat jy hulle 'n kompliment gegee het.

So, moet nooit dink dat wat jy doen geen
invloed het nie –

die spoor van elke goeie daad wat verrig word,
kan nooit weer uitgewis word nie!

verskillende konfyte, en koffie, en om julle te
vra om deel te word van die Opskepperskorps.

Almal kry elke Vrydag, na die week se werk, 'n
komplimentêre glasie wyn of vrugtesap – selfs
al het jy nie elke dag opgeskep nie. Kom skryf
dus jou naam op
ons lys en verklaar
jouself bereidwillig
om te help.

Riaan Roets
VOEDSELDIENS-
BESTUURDER



Opskeppers:

Baie, baie dankie vir julle bereidwilligheid om
elke dag met die opskep van die voedsel te
help – al is party dae moeilik en uitdagend.
Dankie dat julle bereid is om mede-Inwoners,
wat dalk nie altyd baie vriendelik is nie, vrien-
delik te behandel.

Aan die nuwe Intrekkers:

Baie welkom! Die rede waarom julle uitgenooi
is, is om julle beter te leer ken, julle saggies
nader te trek met al die heerlike brode met

INTERESSANTE INLIGTING

Opskeppers wat vrywillig diens doen: 148.

Voedkom-Personeellede: 25.

Voedseldienskomiteelede: 15.

Mense wat doktersbriewe ingedien het
om **Spesiale Voedsel** in Kokanje te nuttig
(kos met lae vet-, sout- en suikerinhoud): 144.

Die hulp van die
Vrywillige Opskeppers, om meer
as ongeveer **16 000 etes per maand** te help
opskep, dra daartoe by om Inwoners se
heffings laer te hou.
Anders sou daar 'n paar ekstra Voedkom-
Personeellede aangestel moes word.

**Baie dankie,
Opskeppers!**



OMGEWINGSBEWARINGSKOMITEE (WAKOM): ONGEWENSTE EN INDRINGERPLANTE IN KOKANJE

WAKOM poog voortdurend om indringerplante te beheer. Daar word tans aandag gegee aan spesifiek die **Lantana-struik** en die **Pompom-bossie**.

1. **Gewone ("common") Lantana, oftewel Lantana camara**, wat hier voorkom, is 'n meerjarige struik wat oorspronklik van die tropiese woude in Amerika kom. Dit val onder die 10 mees ongewenste plante in die wêreld en volgens die MEMBA-wetgewing word dit as 1b geklassifiseer, wat beteken dat dit streng beheer en uitgeroei moet word. Die meerstammige struik, wat tot 2 meter hoog kan groei, het 'n growwe tekstuur – as gevolg van stekelrige dorinkies. As jy die growwe blare vryf, sal dit 'n tipiese,



onaangename geur afgee. Die blommetjies kom in klossies



voor, is meestal perserig tot oranje van kleur en die klein swart bessies word maklik deur voëls versprei.

'n Ander meerjarige struik word soms, veral wanneer die Lantana nog jonk is, daarmee verwar. Die **Sida cordifolia**, of in die volksmond "**Flannel weed**", "**Hartblaartaaïman**" of "**Verdompsterk**" (volgens Clive Brumilow) – waarskynlik omdat dit so moeilik is om uit te trek. Hierdie plante groei nie hoër as 1 meter nie en is nie so meerstammig as Lantana nie. Die blare lyk baie dieselfde, het egter 'n soeter reuk, en voel sag. Die stammetjies is sag en glad en die blommetjies is geel tot ligoranje. Hierdie plant is nie 'n verklaarde onkruid nie.



2. Die ander ongewenste struik is die meerjarige **Pompom-bossie (Campuloclinium macrocephalum)** afkomstig van Argentinië en Brasilië. Dit is 'n kategorie 1a onkruid, wat vereis dat dit streng beheer en uitgeroei moet word. Dit is tans die onkruid in Suid-Afrika wat die grootste bedreiging inhou en is versprei oor die hele land.

Dit het totaal handuit geruk in die Rietvlei-reservaat, suidoos van Pretoria. Dit groei 1 meter hoog, is stokkerig en dra mooi pienk-pers klossies blomme. Dit versprei deur saad en risome.



Die bestryding van al die onkruid is slegs moontlik indien elkeen van ons saam werk!


Meld asseblief ongewenste indringerplante aan of help self ook met die uitroei daarvan. Begin met die **Kakiebos** (wat makliker uittrek wanneer dit nat is) in jou tuin en wandelpaadjies waar jy loop.



Theuns Botha

Bronne:

1. Wildflowers of the Waterberg, Warwick en Michèle Tarboton, etc.
2. Problem Plants and Alien Weeds of South Africa, Clive Bromilow.



WHO, WHO? OWLS...

A few months ago Kokanje was visited by a pair of unusual little owls, a species that has not previously been reported from this area. They were **Southern White-faced Owls (Witwanguil)**, small owls weighing less than a Red-eyed Dove (Grootringduif) and so-named for their distinctive white cheeks. Typically birds of arid country, they are common in places like Nossob Camp in the Kgalagadi Park but much out of place in our garden environment. Kobus and Maggi Conradie discovered them in their garden just after the pair had reared 2 youngsters on the old stick nest of Grey Go-away-bird (Kwêvoël), and the family group soon became star attractions to everyone here with a camera. A few Digiklub members took beautiful photos showing the parent birds with their white cheeks and spiky false ears, and also of the fluffy-headed fledglings.

(See our beautiful front cover.)

2 other owl species are more regularly seen in Kokanje, the large (1.) **Spotted Eagle-Owl (Gevlekte Ooruil)** and the tiny (2.) **Pearl-spotted Owl (Witkoluil)**, and 2 others pass through from time to time – Verreaux's Eagle-Owl (Reuse Ooruil) and (3.) **Barn Owl (Nonnetjie-uil)**. Their presence usually only given away by hearing them call at night.

Owls, as we all know, are nocturnal birds and were it not for their calling we'd often overlook their presence. Listen out for the Spotted Eagle Owl's mellow hooting call, especially in spring. It is a typical owl sound: The male makes a 2-syllabled hoot "hu whooooo" which goes up with the first syllable and down with the second, and the female's response is a 3-syllabled "who wo, hoooo". The tiny Pearl-spotted Owl, which weighs not much more than a thrush, gives its presence away by its sequence of loud, shrill whistled notes which rise to a crescendo and then fade away. There are several pairs of them resident in Kokanje and they breed here in early summer using the old nest-holes of barbets and woodpeckers. Both of these owls prey mostly on insects which they catch on the ground but the feisty little Pearl-spotted is not above catching a waxbill now and again.

All owls have large, forward-facing eyes and their night vision is exceptional, enabling them to see on a moonless night the same amount of detail that we humans see when there is a full moon. Their almost human-like, forward-facing eyes give them depth perception and, unlike other birds, they have to rotate their heads to see to the left or right

of them. Their hearing is also exceptional and this is partly the result (in many but not all species) of their having facial discs that focus and amplify the incoming sound toward the ear openings, acting like mini 'ear trumpets'. Barn Owls in particular with the large facial discs, are able to detect and catch their prey (mice) in total darkness simply by pinpointing the source of sounds made by small rodents as they move about on the ground.

The third secret weapon that owls have in order to hunt successfully in the dark is silent flight. Most birds have the flight feathers in the wing barbed so that they join up to form a blade, but in owls these feathers have a downy fringe which muffles the sound of wing beats. It means their flight isn't dashing, but it is silent. You will notice if you flush an owl from its perch and it flies away from you, its flight is silent and slow. If you encounter a perched owl during the day, though, rather back off and leave it in peace because its peace for the day will be over once it is detected by other birds, especially bulbuls, which take the opportunity to pester it endlessly.

**As they say with dogs,
let sleeping owls lie.**

Warwick Tarboton

1.



2.



3.



HEERLIKE, DEURDRINGENDE REËN... VANAF DESEMBER 2024 TOT APRIL 2025



(a) Baie tipes paddastoele/sampioene is in Kokanje op-gemerkt.



(b) Die rivier in Koro Creek (wat water vanaf Doornpoort-dam na die Nylrivier voer) het tweekeer sterk afgekom en die gholfspelers kon vir 'n hele paar dae nie die oorstroomde putjies gebruik nie. Mense wat rondom Kokanje gestap het, kon duidelik die geluid van die stormwater langsaan hoor.



(c) Kokanje-Inwoners met besproeiingstelsels het vanaf Desember tot April soms hulle stelsels afgesluit en sodoende heelwat water bespaar omdat die reën al die tuine so heerlik benat het.



Aan die anderkant het Sonkragstelsels hulle eienaars nie veel gebaat tydens bewolkte dae nie en moes hulle ook maar Eskom-krag gebruik. (Wanneer daar nie stadium 4-Beurkrag geskeduleer was nie.)



(d) Het julle ook gemerk hoe die milde reën al die Raasblaarsade laat ontkiem het? Wat het daarna van hulle geword? Hulle verhaal is byna dieselfde as die Bybelse saad wat so vinnig opgekom het en toe net so spoedig verdroog het!

AI, KOOS!

Daar word vertel dat huise onder water was weens oorstromings en 'n man het op sy dak gesit en hulpeloos rondgekyk. Skielik sien hy 'n manshoedjie wat stroom-af dryf. Na 'n paar minute sien hy jou-werklikwaar dieselfde hoedjie, maar dit beweeg nou stroom-op!

Die hoedjie hou aan met die eienaardige bewegings...

Die man spring in die water om te sien wat die hoedjie so laat beweeg.

Hy kry sy buurman, Koos, onder die water. Die hoedjie is op sy kop en hy sny vir die vale sy voorste grasperk met sy grassnyer.

Koos verduidelik toe dat sy vrou gedreig en gesê het:

"Jy moet nou jou luiheid laat staan!"

'Come hell or high water' jy gaan vandag die gras sny!"



Om gelukkig te wees is 'n "inside job"



DIE HEEL EERSTE KEER DAT KE-INWONERS GAAN KERSLIGGIES KYK!

Goeiedag aan almal!

Ek wil net my opregte dank uitspreek aan elkeen wat betrokke was by die Liggieskyk-aand. Dit was 'n ongelooflike belewenis en 'n groot sukses! Ongelukkig kon die hele Kokanje dit nie bywoon nie...

Die projek het ongelooflik gegroei onder leiding van **Henriëtte Els** – van 5 rolstoele met 5 drywers (14/11), na 12 stoele met 12 drywers (15/12), plus 'n paar reserwe-drywers en 'n hond!

Henriëtte, jou reëlins met die KE was ongelooflik. Die span van suster Maria het my werklik verbaas – want toe ek 18:00 die Inwoners soek, staan hulle rolstoele reeds in 'n netjiese ry in die voorportaal en hulle wag om te vertrek.

Daar was 4 van die Dagskofpersoneel wat spesiaal gereël het met die taxi's om hulle by die hek op te laai, omdat hulle verder wou help met die bediening van die koffie en verserings en ander klein takies. Ek het ongelukkig nie hulle name neergeskryf nie...

Met die terugkoms was suster Lindie weer reg om elkeen in die bed te kry en hulle pille te gee. **ONGELOOFLIK!**

Die klank deur **Johan van der Hoven** het dié aand baie goed afgerond en ons bekende sanger, **Schalk Vorster**, en vioolspelers, **Adri** en haar dogter **Rozanne**, het gesorg

"LA'T WIEL"

BOTHA & GOUWS

vir die toppunt van die verrigtinge.

Groot dank aan **Pierre Cremer** en die Werkswinkelspan op wie se knoppies ons kon druk en wat getrou elke week vir ons tafels en stoele reël.

Tiger (die "Pets as Therapy"-hond) het ook die kans gebruik om kennis te maak met almal en selfs nuwe pasiënte uitgesnuffel wat tuis versorg word.

Die maankyker het ongelukkig nie gerealiseer nie, want hy was dig toegewikkel in 'n wolkkomersie!

Toe ek die aand om 21:00 daar verby is op pad na my huis in die dorp, was daar nog steeds mense wat lekker gesit en kuier het. Die reën was ons genadig en het eers so net na 22:00 uitgesak.

Riaan Roets word bedank vir die verversings en koffie vir die KE-Inwoners. Dit is baie aangenaam om saam met jou en jou span te kan werk.

Karen Pienaar en **Rita Noeth** het ons gehelp om die inligting vir die aand vinnig uit te "Blitz" en op die Koop-en-Verkoop-Groep te plaas en dit het gesorg vir 'n hoë bywoningsyfer. Karen het ook Rita se mooi foto's van die aand die volgende dag op die Kokanje-Facebook geplaas. Die foto's het daarna op die TV in die voorportaal verskyn en is ook te sien op **BLADSY 37** in hierdie **KOLLIG**.

Dra asseblief my dank oor aan elke persoon wat genoem of

nie genoem is nie. **Kokanje kan dit doen en ek glo dit is die eerste van baie soortgelyke byeenkomste!**

Hartlike groete!

Frans Botha.

082 785 6245



seun van **Jinnie Botha**, een van die KE-Inwoners wat altyd saamry.

En hy is verniet so beskeie! Dit was sy droom om die gereëld Vrydag Rolstoel-uitstappies te begin – dit is intussen "La't Wiel" gedoop! Red.

Die **"La't Wiel"**-reëlins is vir 'n rukkie tydelik oorgeneem deur Inwoners (wyle Athol en Len Jennings) se seun, **Franz Gouws**.

Franz het sy ouers vir jare tuis versorg. Hy is welbekend in Kokanje en het altyd etenstye hulle voedsel in die eetsaal gaan haal.

Hy was ook betrokke by die Kiosk en die Demensie-stimulasiegroep wat Vrydae in die KE werkzaam is.

Franz is besig met onderhandelings om sy ouers se huis in Kokanje aan te koop en hom permanent hier te vestig.

Hy het intussen die Kiosk gekoop en het op 1 April 2025 die leisels oorgeneem.

Hy nooi almal vriendelik uit om by die Kiosk in te loer!



TOE EN NOU... NOU TOE NOU!

Kokanje is soos 'n **TARENTAALNES!**

2 tot 4 tarentaalhenne lê hulle eiers in 'n gesamentlike broeines, maak beurte om te broei, en wanneer die kuikens verskyn, stap die trotse hene en hane in ons tuine rond om vir ons hulle pragtige broeisel te kom wys. Hulle pas ook die kuikens goed op – as gevaar dreig, gaan sit die wyfies plat op die grond, pof hulle vere op en laat die kleintjies tot teenaan hulle liggame inkruip, gekamoeleer en beskerm deur die verebedekking.

Kokanje huisves tans **865** Inwoners met uiteenlopende verledes/agtergronde en belange. Daar is **591** huise vir seniorburgers in ons aftree-*"dorpies/nes"*.

Wanneer nuwe Intrekkers intrek, word swaarverdiende titels/lourierkranses in die *"Titelgat/-dam"* by die Rus-'n-Bietjie-area gegooi. Nou kan elkeen reg van voor af sy/haar sout in Kokanje begin verdien – sodat niemand op hulle louere rus nie en almal saam Kokanje se belange op die hart kan dra.

Ons het inligting bekom van 'n paar persone wat voorheen heel Interessante en Unieke Werk in die Sakewêreld verrig het en gaan hoor wat hulle in Kokanje vermag het.
(BLADSY 28, 29 en 31.)

Verder woon hier soveel
1. **PREDIKANTE** en **DOMINEES** wat elke nou en dan gevra word om 'n vergadering te open met skriflesing en gebed:

1. (a) **Jill en Bill Cairns** woon al 17 jaar in Kokanje. Hulle het **KOREK** vir meer as 14 jaar

bestuur en Jill verleen nou nog hulp (one on one) aan Inwoners wat probleme met rekenaars en selfone ondervind. Jill is ook steeds aktief by St. Michael's Church betrokke as *"minister"*. Bill het al baie interessante praatjies oor die immer-ontwikkelende rekenartegnologie gelewer of artikels in **KOLLIG** gepubliseer deur die jare en Jill het Inwoners oor die Sonnestelsel ingelig.

2. (b) **Theo Schmidt**. Hy het die boek *"Yes, you are healed"* geskryf – hy is 'n geloofs-geneser. Hy woon al 20 jaar in Kokanje en is onder andere lid van die Rolbalkklub.

2. (c) **Henk Potgieter, Barry van Wyk en Danie Ueckerman** het gedink hulle preekstoel dae is verby, maar moenie glo nie – hulle is steeds in die tuig by verskillende kerke in Modimolle! Hulle Bybels vergaar nooit stof nie, maar hulle togas verwarm seker net hulle klerekaste.

2. (d) **Gert van Heerden** het die afgelope paar jaar met Kersfees die Kerssangbyeenkomste gereël wat so goed deur Inwoners bygewoon en geniet is.

3. Mense wat jare lank in die **MEDIESE BEROEP** gestaan het, het ingeskakel by die Versorgingsdiens-Advieskomitee:

3. (a) **Johan de Beer** (tans Voorsitter van **SORGKOM**) was 'n Apteker.

3. (b) **Liz Halewijn** het baanbrekerswerk in Kokanje verrig met die totstandkoming van die KE – sien Kers-**KOLLIG** van Desember 2024. Sy het verskeie jare lank in Kokanje se Bestuurskomitee gedien.

Verder is daar 'n klompie Dokters, Susters en Verpleegsters wat ook by Sorgkom diens doen/gedoen het.

4. Inwoners wat **REKEN-MEESTERS** en **ODITEURE** was of ander finansiële agtergrond het, het wondere gedoen of doen steeds wondere op FINKOM of besture van klubs en komitees, as Tesouriers.

4. (a) **Jan Delpont** is nou die Voorsitter van Kokanje se Bestuurskomitee en was betrokke by die portefeuljes FINKOM en STRATKOM.

5. Moenie vergeet van al die Inwoners wat in die **ONDERWYS** en **STAATSDIENS** werksaam was nie.

***Kokanje-aftreeoord
is mos eintlik spesiaal
gestig met die oog op die
huisvesting van afgetrede
Staatsampnare!***

'n Paar van die Skoolhoofde wat in Kokanje afgetree het, het hard gewerk en opgang gemaak as Voorsitters van die BK – hulle het hulle liniale en bordkryt by Kokanje se hek gelaat:

5. (a) **Joe Fourie** (20 jaar in Kokanje) was baie bedrywig as Kultuurkomitee-voorsitter en die volgende konserte/blyspele het in sy tyd op die planke gekom: *"Fiddler on the Roof"*, *"Annie get your gun"*, *"Joseph and the Amazing Technicolour Dreamcoat"* en *"The King and I"*. Hy het selfs nog *"Lion King"* beplan, maar Covid-19 het die leeuverhaal ongelukkig laat sneuwel...

5. (b) **Gert Kruger** was ook Voorsitter van die Kultuurkomitee, daarna Voorsitter van die BK, en is tans baie aktief



as Voorsitter van ABBA. Hy dien ook op SORGKOM.

Baie ander onderwysers en onderwyseresse het op strategiese plekke in Kokanje hulle merk gemaak.

6. **FOTOGRAWE Lourens en Ricky Durand** is professionele fotografe, wat hulle eie ateljee in hulle huis kan inrig, en hulle het hulle merk gelaat by verskeie Fotografieklubs.

Menige Inwoner ontpop as puik amateurfotograaf by die Digifotoklub wat aanvanklik deur **Chris en Louise van Zyl** tot stand gekom het en onder hulle bestuur geblom het. Die voorsitter is tans **Pieter Rossouw**. Lede se pragtige foto's word gereeld gebruik in **KOLLIG** en op die Kokanje-TV.

Ons kyk met bewondering na die uil-collage op die voorblad, met **Karel Minnie, Chris van Zyl, Elma Venter en Cobus Potgieter** se pragtige foto's. In die Augustus-**KOLLIG** is die tema: "Kokanje deur my kameeralens".

7. Heelwat **INGENIEURS** het ook diep voetspore in Kokanje se geskiedenis getrap.

8. **REGSGELEERDES** staan ook hulle plek in Kokanje vol. Ons vorige Voorsitter, **Hennie Lacock**, was 'n Regter op sy dae.

9. Onthou ook van die **BOERE, BOERVROU, TUISTE-SKEPPERS** ens.

Waar daar 'n werksplekkie in Kokanje oopgeval het, het hulle ook ingestap en dadelik aangemeld vir diens!

10. **EIENAARS EN BESTUURDERS** van besighede, **SEKRETARESSSES** en **TIKSTERS** het in Kokanje kom wys dat hulle op hierdie ouderdom nog in enige situasie kan uitblink. Daar is genoeg vergaderings om by te woon, besluite om na te vors en te beklink, notules om by klubs en komitees te neem, funksies om te reël en tik- en uitlegwerk vir **KOLLIG** om te doen.

11. Die **GASVRYHEIDSBEDRYF** het ook Inwoners opgelewer wat hulle plek volstaan in Kokanje!

12. Afgesien van eertydse beroepe van Kokanje-Inwoners, is **KINDEROPVOEDING** ook tuis deur byna al die bogenoemde persone behartig.

13. SLOTSOM:

Dit maak hoegenaamd nie saak wat jou beroep en kwalifikasies voorheen was nie. In Kokanje het Inwoners se brein en liggaam aangehou om uiters vindingryk te funksioneer en hoë sporte te bereik, nuwe interessante dinge te leer, vereensaming uit te skakel, verveling die nek in te slaan en almal kan heerlijk rustig en veilig gaan doeks in die nag – na 'n besige, genotvolle en produktiewe dag, tot voordeel van Kokanje!

DOEN SO VOORT!



Rita Noeth

VRYWILLIGERS

word benodig om gedurende die week in die Eetsaal op te skep, diens te doen by die Demensiestimulasie-program, rolstoele te bestuur by La't Wiel, Winkel-Winkel te speel by die Hoekwinkel, as Bibliotekaresse te werk, en aan Sang en Toneelopvoerings deel te neem.

Baie dankie dat daar altyd genoeg Inwoners is wat bereid is om op te tree!

Die res vorm die gehoor!



AANGAANDE BEROEPE EN TOEKOMSDROME:

🌸 "Google" en luister hierdie oulike "YouTube"-liedjies (op jou selfoon, rekenaar of Televisie).

"One moment in time" – Dana Winner.

"She's not just a pretty face" – Shania Twain.

"Rub-a-dub-dub. The butcher, the baker and the candle-stickmaker" – Little Fox.

SO HUIL ONS

Ek was so bevoorreg om nog vir 28 jaar 'n ou-
erhuis hier in Kokanje te kon hê.

Toe ek so deur my emosies moes werk, met
die ontruim van Moedertjie Joey Venter se
huis – sy is nou in die KE woonagtig – ontdek
ek weer die bygaande terapeutiese stukkie
lewensles, wat ek al jare gelede geskryf het,
tussen my skrywes.

En daar is so 'n gevoel van dank-
baarheid in my hart dat Moeks
nog leef en nog helder van ver-
stand en gelukkig is in die KE! Sy
is, soos altyd, die dankbare, lief-
devolle mens wat steeds siels-
vrede het. **Hannah Esterhuyse**



Ouma het altyd gesê:

"Om lekker te kan huil, is 'n gawe van Bo!"

Somtyds is dit net 'n knop in jou keel, of die
trane wat loop sonder 'n geluid, oor iets wat jou
hartsnare raak. Dan is daar die skreeu-huil van
'n kind wat van sy fiets afgeduiwel het, die
hartverskeurende geweën van 'n moeder wat
'n kind aan die dood moes afstaan en die wee-
moedstrane by die sterfbed van 'n geliefde.
Daar is ook trane van geluk, kwaadwees of
magteloosheid.

Elke huil is 'n ander huil. So is daar die nat huil
en dan is daar die droë huil waar die trane net
nie wil kom nie. Die trane is vasgekluis in
blokkasies van emosionele herinneringe. Niks
kan dit ontsluit nie en die soete ervaring in die
sout-proe trane is altyd onbereikbaar.


Soos die jare aanstap kom trane makliker –
oor ons kinders, kleinkinders, troeteldiere, ver-
speelde kanse, die mooi en lelik van die lewe
en die dood. Of dit nou trane van blydschap,
dankbaarheid, skuldgevoel of verbittering is,
die trane rol – die trane volg die draaie van ons
lewenspaai. Dit hang af waar jy is, wat jy
doen en wat gebeur, soms is dit swaarkry-
paaie, maar gelukkig ook gelykpaaie – die
paaie wat ons volg, word deur ons emosies
bepaal.

Die lewe self is soms so tragies en wasig van
seerkry-trane. Die sonlig-strale verflou deur
donker gange en kerkers van ons siele – deur-
week met hartseer gedagtes en moedeloos-
heid. Die doodskaduwees kom onheilspellend
nader soos 'n winkende afgrond – onafwend-
baar. Trane word ewig versteën op lewelose
gelaatstrekke. Dis te laat vir regmaak en
skoonmaak...

Ek wonder dan soms of trane 'n teken van
swakheid is of dalk 'n teken van innerlike gees-
telike insig in ons andersins sekulêre wêreld
vol van ydelheid, kompetisie en materialisme.
Is dit dalk 'n goddelike oorblyfsel van die ware
doel van ons bestaan? Om ons geestelike sin-
tuie in te span om meer sensitief te wees vir 'n
ander se hulpkrete en swaarkry. Dan word jy
een met sy angs, hartseer, liefde, woede en
blydschap. Trane word vermenigvuldig, maar so
ook die gawes van heelword en sagword. Dan
skielik, word alles helder en skoongewas...
Om só te kan huil, is voorwaar 'n gawe van Bo.

Skielik dink ek weer aan Ouma wat my vas-
druk en ek sien haar siels-trane wat so vlak
kom sit in haar sagte bruin oë. En dán die
glimlag daarna...

Hoe Sou Ons Weet?



*Hoe sou ons weet wat musiek is
as ons nog nooit 'n lied gehoor het nie?*

*Hoe sou ons weet dat die son skyn
as ons nooit reën geken het nie?*

*Hoe sou ons weet dat ons goed voel
as ons nooit pyn verduur het nie?*

*Hoe sou ons weet dat ons gelukkig is
as ons nooit droefheid geken het nie?*

*Hoe sou ons weet dat iemand ons nodig het,
as ons nooit aan iemand goed gedoen het nie?*

*Hoe sou ons weet wat geloof is
as niks ooit in ons lewens verkeerd geloop het nie?*

*Hoe sou ons weet wat dit is om te skaterlag
as ons nooit 'n traan gestort het nie?*

*Hoe sou ons weet wat moed is
as ons nooit van vrees inmekaar gekrimp het nie?*

*Hoe sou ons weet wat liefde is
as daar nie 'n GOD van Liefde was nie?*

- Solly Ozroveh -

 Gerrie Kotze 6 Sep '35 tot 4 Des '24	 Danie Grabe 21 Mei '40 tot 7 Des '24	 Laura Mouton 26 Feb '37 tot 10 Des '24	 Lourens Potgieter 3 Aug '32 tot 12 Des '24		
 Len Jennings 28 Mei '40 tot 25 Des '24	 Ella van Rensburg 13 Sep '33 tot 29 Des '24	 Willie Kroeze 15 Aug. '34 tot 7 Jan '25	 Hennie Visser 15 Mrt. '51 tot 19 Jan '25		
 Margaret Venter 30 Jul '26 tot 21 Jan '25	 Hannes Coetzee 17 Mrt '34 tot 30 Jan '25	 Gertie Kruger 5 Des '39 tot 22 Feb '25	 Ernst Wohlfahrt 12 Jun. '33 tot 24 Feb. '25		
 Marita Grobler 30 Sep '39 tot 28 Feb '25	 Susan Saayman 26 Mrt. '35 tot 4 Mrt '25	 Valerie Botha 28 Sep '34 tot 7 Mrt. '25	 Martin Prinsloo 6 Apr '48 tot 7 Mrt. '25		
 Bokkie Lombard 26 Sep '45 tot 16 Mrt. '25	 Gerda Smit 16 Jun '31 tot 25 Mrt '25	 Thea Kruger 26 Des '45 tot 29 Mrt. '25	 Vis Visagie 16 Aug '34 tot 31 Mrt. '25	 Piet Lubbe 25 Okt. '46 tot 31 Mrt. '25	 Piet Oosthuizen 14 Sep '36 tot 1 Apr '25

M E E L E W I N G

Om voort te leef in die harte
van dié wat agterbly,
is om nooit te sterf nie.

Thomas Campbell.



Terwyl ons treur
oor die verlies van 'n geliefde,
verheug ander hulle oor die
ontmoeting aan die ander kant...

John Taylor.



**VOEDKOM:
EETSALE GETOOI
VIR
VALENTYNSDAG!**



WATERBERG

Quick Dry



SKOONMAAK VAN

MATTE | MATRASSE

SITKAMERSTELLE | VLOERE & TEELS



STEVEN



079 480 7993 | 082 539 7168



Mediese Verspreiders
Medical Distributors

SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED

WHEELCHAIRS
ADULT DIAPERS
ROLLATORS
MEDICAL DEVICES
OXYGEN PRODUCTS

012 335 8104

581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za



EGOSAN

Natural
Comfort
Vital Soft

HOBBS MEAT_{co}
★ Trusted Quality ★

Gratis aflewering weekliks by Kokanje Aftreeoord.

Hobbs Meat is ñ familie slaghuis wat vir die afgelope 13 jaar
Top Kwaliteit Vleis aan die Waterberg Gemeenskap bied.
Ons bied vars produkte **Direk van die Boer** af.

BESOEK ONS WEBWERF OF GESÊLS MET ANGELIQUE:

BESTEL NOU!

066 248 6868
✉ orders@hobbs.co.za
🌐 www.hobbs.co.za

BAIE DANKIE!

Terwyl ons met vakansie was, gedurende Desember 2024, het 'n waterpyp onder ons hoofslaap-kamerwasbak gebars. Na 'n rukkie het die water by ons voordeur begin uitloop en die tuinman van Buurman Johan van der Hoven het dit opgemerk en hom dadelik van die krisis in kennis gaan stel.

Dit was 24 Desember, maar Nikki Stratford van die Werkswinkel het dadelik werk gemaak van die probleem en die parate Desmond Swart, Pierre Cremer en hulle span het ondersoek ingestel, die nat matte uitgesuig en vensters en deure oopgemaak om die huis te verfris en matte uit te droog. (Ons vriende Eddie en Milly Farren het ons spaarsleutel aan hulle verskaf.)

Alles was onder beheer en daar is begin om 'n Kokanje-versekeringsreis in te stel en herstelwerk te begin.

Met ons terugkoms in Kokanje is die matte vervang met die nuwe vloerbedekking en alle beskadigde houtpanele onder klerekaste is ook herstel.

Alle persone wat so hulpvaardig was en snel opgetree het:

"Ontvang asseblief ons opregte dank en waardering vir julle ongelooflike hulp en bystand om ons gerus te stel en alles namens ons te reel en weer in orde te bring!"

Alle lof aan Kokanje!
Dit is in sulke tye dat ons besef wat 'n voorreg dit is om in Kokanje te mag woon.

**Baie,
baie
dankie!**

**Jimmy en
Ina Gower.**



DANKBAARHEID

William Law het al in die 17e eeu die volgende waarheid kwytgeraak:

"Mag ons leer om dankbaar te wees vir wat ons het, voordat die tyd ons dwing om dankie te sê vir wat ons gehad het".

Voor die sluiting van die dagblaaie aan die einde van 2024, was die briewekolomme gelaai met klagtes en selde met komplimente aangaande dienslewering. Meestal was die briewe in 'n negatiewe trant weens die gebrek aan behoorlike diens wat in alle sektore ervaar word. Elkeen van ons kan sekerlik van een of ander slegte ervaring met dienslewering getuig...

Die bogemelde spreuk het my laat besluit om my dankbaarheid en waardering vir die diens van onder andere die **Kokanje-Werkswinkel** met u te deel...

Tydens die goeie reënval waarmee ons in Desember en Januarie geseën is, het ons woning se dak by die dakvenster begin lek. Ek het dit dadelik by Nikki Stratford in die Werkswinkel gaan rapporteer en groot was my verbasing toe ek met my tuiskoms reeds een van die werkers op die voorstoep teëkom. 'n Assessering is gedoen en na middagete is die lekkasie herstel.

Waar kry jy vandag nog hierdie vinnige en effektiewe diens?

Die volgende dag het ek tydens ete vir ons vriende van hierdie positiewe ervaring vertel, net om te hoor dat hulle dieselfde gehalte diens met 'n motorhuisdeur ontvang het. Omstanders het instemmend hulle koppe geknik vir die gehalte diens wat ons vanaf ons Werkswinkel kry.

Die pas afgelope Sondagaand kom ek te hore van 'n slang in my buurman se huis. Na 'n aanvanklike ondersoek en enkele oproepe van verskeie Inwoners, staan ons 2 Teg-niese Bestuurders, die Voorsitter van die Raad en die Voorsitter van SOD binne 'n halfuur op die stoep. Na 'n mislukte soektog is daar vroeg die Maandagoggend nog geen teken van die slang nie, maar die konsternasie van die vorige aand en die uitstekende diens sal ons nog lank onthou!

Toegegee: Soos in enige bedryf op aarde, is daar sekerlik ook foute wat hier in Kokanje insluip. My boodskap (as skoolhoof) is eenvoudig – sien die 5 onderskeidings raak en verdra die 1 vak wat 'n B-simbool gekry het!

Ter afsluiting dra ek somer ook my opregte dank en waardering aan 'n uiters bekwame en deernisvolle **Personeelkorps**, 'n eersteklas **Voedseldiens** en 'n hoogs effektiewe **Versorgingseenheid**, oor.

**'n Dankbare Inwoner,
Gerhard Keyter.**



NOG 'N BESENDING BRILLE NA PHAGAMENG-OOGHOSPITAAL

Elsa van Wyk

Met WhatsApp wat alles so blitsig vir ons maak, het ek ook ingespring en op 24 Februarie op die Koop-en-Verkoop-Groep geadverteer en gevra dat ongebruikte brille, wat in Kokanje-huise rondlê, vir bogemelde doel geskenk word.

En ek is mildelik beloon!

Elk van hierdie brille het 'n geskiedenis:

Sommiges is om ver mee te sien.

Ander vir naby.

Die res is bifokaalbrille.

Dan is daar baie ou brille met groot rame, wat nou weer in die mode kom.

Daar is ook brille om te gebruik wanneer sweiswerk gedoen word.

Ander is donkerbrille.

Sommige brille was op mans se neuse en ander, pragtige fyn brille, op vrouens s'n.

Party is net gebruik wanneer die persoon kerk toe gaan, en ander was vir alledaagse gebruik.

Elke bril was binne-in sy eie, netjiese kassie.

Jou spesiale voorskrifbril kan egter nie somer vir enigiemand gegee word nie.

Dit is hier waar ons projek inkom:

Die brille word skoongemaak, getoets en geklassifiseer sodat dit aan die regte persoon gegee kan word. Jy hoef dus nie bekommerd te wees dat jou ou bril net op die rak gaan bly nie. Nee, dit gaan beslis somer gou weer op iemand se neus rus!

Ek bring weer duisende dankies vanaf Phagameng-Ooghospitaal om af te lewer aan 'n ieder en 'n elk vir die brille wat geskenk is. Dit word opreg waardeer! Elke persoon wat daar by hul-le uitstap, stap met 'n baie breë glimlag op sy/haar gesig en is so dankbaar! Daar is 125 van julle brille aan die einde van Februarie 2025 by die hospitaal ingedien.



MADELEINE SE MOOI "MEMORIES"



Die 88 jarige **Madeleine Korff** (al 23 jaar in Kokanje) gesels so lekker oor haar jeug en getroude jare. Sy is tans huisgebonde, maar lees graag storieboeke (haar eie versameling) en blaai dus ook graag deur haar 15 foto-albums om haar

besoekers met trots haar een oupa met die pragtigste blou oë en haar en haar 3 kinders se troufoto's te wys. (*Giep van Zyl van Aardklop is Madeleine se seun.*)

Madeleine lees graag die **KOLLIG** en het al by verskeie geleenthede grappige artikels en dankie-briefies ingestuur. (Baie dankie! **Red.**)

Sy was 'n musikstudent wat haar grade met lof geslaag het en het onderrig gegee in Internasionale Volksdanse (Grieks, Frans en Russies).

Madeleine se stokperdjies was batik, koperetswerk en tuinmaak. Buurman **Geurt van Dijk** het 'n paar jaar gelede hierdie pragtige foto's van haar tuin in Kokanje geneem. Sy het spesiaal hier en daar klippe gebruik wat sy nog vanaf Oesterbaai gebring het.



Haar geliefde versie:



The kiss of the sun
for pardon.
The song of the birds
for mirth.
One is nearer God's
heart in a garden.
Than anywhere else
on earth.

Dorothy Francis
Gurney.


THAT'S

*Gedagte vir
die dag...*

Ons is soos boeke.
Meeste mense
sien net ons
voorbild,
die minderheid
lees net die
inleiding. Baie
mense glo
die kritici.
Min sal ons
inhoud ken.



*"Mense 'n boek volgens die
buiteblad oordeel nie"* 77



**Remember when you
could lay in one
position for hours, now
you have to rotate like
a rotisserie chicken
every 15 minutes or a
hip hurts. 😂**

LIFE



LEWENSKEUSES

Het julle gehoor van die 80-plusser wat gereeld saam met sy vriende gaan uiteet het?

Terwyl hulle gesonde (meestal nie die lekkerste nie) items van die spyskaart af bestel het, het die 80-plusser gereeld 'n groot sny appeltart met 'n dubbele porsie sjokolade-roomys en -sous, soms sjokolademousse en ander kere "parfait" met ekstra neut- en sjokoladesprinkels daarop bestel.

Toe sy vriende hom hieroor uitvra, antwoord hy:

"Ek het nog nie aan al die blomme geruk en in al die soetsappige films gehuil nie;

Daar is nog baie forelströme waarin ek nie gehengel het nie;

Ek het nog nie al die verskillende nageregte geproe nie en moet ook nog met al my kleinkinders vlieërs bou en vlieg;

Menige gholfbane wag nog vir my om te gaan afslaan;

Heelwat skaterlaggrappies moet ek nog hoor;

Ek het nog nie al die sportsoorte se wedstryde bygewoon en koeldrank, worsbroodjies en aartappelskyfies daar geëet nie;

My voete moet nog 'n paar keer in bergstroompies afgekoel word en die seesproei moet weer in my gesig waai;

Daar is 'n paar klein plattelandse kerkies wat ek nog graag wil besoek om rustig met God te sit en gesels terwyl ek Hom bedank vir Sy genade;



Ek skuld ook vele geliefdes (oorsee of plaaslik) 'n telefoonoproep of twee.

Dus, wanneer ek nagereg in plaas van voedsame kos bestel, en dit geniet saam met my vriende en familie, voel ek soos 'n wenner wat niks verloor het as ek dalk vannag te sterwe kom nie – want geluk word nie gemeet aan besittings of prestige nie, maar aan verhoudings met mense wat ek liefhet en respekteer."



En, onthou:

**"While money talks,
CHOCOLATE ICE CREAM
SINGS!"**

*Ken jy ook so 'n persoon?
Of is dit dalk jy?*

TINA BRONKHORST, VAN DIE HULPFONDS, HET 'N HART VIR HAAR MEDEMENS

Tina en haar man, Philip, woon nou al 10 jaar in Kokanje. Sy was ons wyksouderling voordat ons by 'n ander wyk ingeskakel het. Ons het vinnig besef hierdie vrou het 'n passie vir God, asook vir mense met seer – hetsy fisies, geestelik, of emosioneel, en sy het 'n gawe om ander se pyn en nood raak te sien. Sy streef daarna dat mense moet raaksien dat sy alles wat sy doen, hetsy as eggenote, ouer, ouma, vriendin, ouderling of vertrooster, doen om God te eer.

Sy is gou om te erken dat sy self nie foutloos is nie – al te dikwels sien sy self waar sy iets verkeerd doen en skroom nie om haarself aan te spreek nie. Omdat sy nie altyd al die kennis in pag het nie en dikwels nie werklik vir haarself of ander antwoorde het nie, bid sy gereeld vir en saam met ander – en sy is 'n vrou wat 'n gawe het om mooi en raak te bid uit die Skrif. Haar grootste begeerte is om iets moois in ander se lewens te laat vergestalt, om sodoende hulle lewens te verryk.

Tina was 'n maatskaplike werkster van beroep en haar lewenspad was soms pynlik. Die lesse wat sy daaruit geleer het, het haar laat ontwikkel, haar bemagtig en toegerus vir die dienswerk wat sy in die verlede verrig het, asook tans. Dit het die fondament gelê vir die empatiese begrip wat sy het vir ander se pyn, hartseer en lyding.

Haar werk met straatkinders in Welkom het haar genoop om die Skuiling vir Straatkinders te vestig. Sy en Philip het na Mosselbaai verhuis en sy het by die Gevangenisdiens gaan werk. Eerstehandse kennis

van die pyn van armoede en verwerping by mense wat letterlik niks en niemand het nie, het haar geleer om nie met 'n té harde oog te kyk na hierdie verlore nes, wat in haar eie woorde "in mekaar se arms gedryf word en sodoende begin gom snuif, dwelms gebruik en in misdaad betrokke raak" nie. Haar veroordelende persepsies is opsy geskuif, hul menswaardigheid is raakgesien en sy het haarself afgevra hoe haar hart lyk voor die Here. Hierdie leerskool het haar geleer om op te staan en in die bres te tree vir ander wat nie daartoe in staat is nie.

Al haar werks- en persoonlike ervarings het haar laat besef dat dit nie belangrik is wat ander mense van haar dink nie, maar eerder hoe God haar sien in haar daaglikse handel en wandel.

Tina is baie aktief betrokke by ons Hulpfonds, waar sy die uiters verantwoordelike en vertroulike taak behartig om konfidensiële en sensitiewe ondersoeke te doen na die finansiële omstandighede van mense wat hulp benodig. Dit is vir haar moeilik, want sy sien die mense se benarde situasies, asook die verleentheid wat hulle ervaar. Sy voel egter



Anne Kraay en
Tina Bronkhorst.

dat God van haar verwag om hulle haar volle ondersteuning te bied deur saam met hulle te bid en sy stel haarself ook beskikbaar om agterna gekontak te word om verder te gesels oor hulle situasie. (In die gang by die Taphuis verskyn aanduidings van hoe mense die Hulpfonds kan kontak – indien hulle hulp benodig.)

Sy vertel hoe sy in die midernagtlike ure gereeld Bybel lees, stil word voor God, in gesprek met Hom tree en bid vir Sy leiding sodat sy haar Kerkraads-, gebedsbediening en KE- en Hulpfonds-verpligtinge suksesvol kan nakom. Sy voel egter dat sy allermens daarop kan roem dat sy geestelik "gearriveer" het, want sy worstel ook maar soos ander mense daagliks met probleme en wonder of sy God se opdrag na behore vervul. Sy glo egter dat haar verhouding met die Here nie afhang van haar daaglikse omstandighede nie, maar dat sy bloot net gewillig moet wees om God se werk te doen en dat Hy haar sal bystaan.

Nadat sy genader is vir hierdie onderhoud, het ek bevestig waarom sy en haar liefdesdiens aan lesers voorgestel moet word, want sy is 'n formidabele vrou wat opstaan vir haar eie regte en dié van haar geliefdes, vriende, wykslede, en die brose mense in die KE en elders in Kokanje. Sonder mense soos Tina sou daar vele Kokanje-Inwoners wees wat met gebrokenheid sit en wat moedeloos vra:

"Waarheen nou?"

Anne Kraay

SOLI DEO GLORIA – ALLE EER AAN GOD, EN GOD ALLEEN!

"Dankie" is so 'n klein woordjie wanneer daar eintlik geen woorde bestaan om 'n mens se dankbaarheid uit te spreek nie. "Dankbaarheid" het meer letters, maar sê nog nie wat ek wil sê nie...

Pa het sy aardse huis verlaat in Augustus 2024, wat vir ons 'n geweldige skok was, aangesien hy glad nie sieklik was nie, en na brose Ma omgesien het, wat 24 uur per dag op suurstof is.

Na sy afsterwe moes Ma noodgedwonge haar huis in Nylstroom verlaat om by my te kom bly in Polokwane.

Die volgende stresvolle idee het ons beangs gelaat: "Wat

word nou van al die besittings, asook die huis?"

Iemand stel ons toe aan Tannie Rita voor... **Genade is nie genoeg nie!** Tannie Rita plaas vir ons advertensies op Koop-en-Verkoop en voor ons mes kon sê, is die meeste goedjies verkoop en die geldjies help nou weer Ma se uitgawes dek. So sien ek en Ma God se hand elke dag in ons lewens!

DANKIE tannie Rita, en tannie Elsa (wat help pryse vasstel het). Julle is voorwaar engele wat oor ons pad gekom het. Ons, en ek is seker almal op die Groep, waardeur julle tyd, toewyding en wat julle vir ons doen! **Ons waardeur julle!**

BAIE DANKIE!



Elzette en Ezna Fourie.
(Boekenhoutstraat, Modimolle en Polokane).

Koop-en-Verkoop sê: "Baie dankie vir die 4 kartondose vol pragtige klere wat julle vir die Hoekwinkel geskenk het."

Rita Noeth

DANKIEBRIEFIE

Ons groet vir Marita Grobler wat oorlede is op Vrydag, 28 Februarie 2025. Sy sluit aan by haar dierbare man, Jan Grobler, wat reeds in 2020 oorlede is.

Dankie Kokanje vir die meer as 20 jaar se om-sien na ons Ouers! **Kokanje is 'n baie besondere plek!**

Groete

**Anina (van Eeden), Jan en Bertus Grobler
(die 3 Grobler-kindere).**



PS. Marita se as sal op dieselfde plek as Jan s'n gestrooi word, tydens 'n private familiegeleentheid op die plaas in Thabazimbi, volgens hulle wens.

Groot dank aan vriendin,
Annette van Dyk, wat Marita vir soveel jare in die KE gaan besoek het en vir haar voorgelees het uit die **KOLLIG** – om Marita op die hoogte van Kokanje-sake te hou.
Red.



"SAKEVROUE EN ENGELE" VAN KOKANJE Deur Anne Kraay.

Dit is eers wanneer 'n mens op die Koop-en-Verkoop-WhatsApp-Groep van Kokanje is en wanneer jy so 'n bietjie by die Hulpfonds se Hoekwinkel gewerk het, dat jy besef hoeveel tyd en energie al die persone, wat betrokke is by hierdie massiewe en belangrike projekte, inploeg.

Die 3 werksvennote van die **2-jaarroue** Koop-en-Verkoop-WhatsApp-Groep (met 870+ lede vanaf die Kaap tot Tanzanië) word vandag aan u voorgestel:

Hulle is sakevroue by uitstek, beskeie, buitengewoon energiek, optimisties, vriendelik en hulpvaardig en verrig hierdie liefdestaak aan Kokanje se Inwoners, Personeel en hulle kinders, kleinkinders, familie en vriende met unieke deursettingsvermoë en plesier en leef sodoende hulle Christelike lewensbeskouing aktief uit.

1. Die Groep was die brein-kind van **RITA NOETH** (Be-roep: Privaatsekretaresse van Voorsitters/Besturende Direkteure van IBM en Philips – reklame/bemarking/kliëntediens.)

Tydens die Covid-19-pandemie, toe hulle in Centurion gebly het om hulle kinders by te staan, het die totale "Lock-down" ongelukkig verhoed dat sy hierdie besigheid by aftreë-oorde in daardie omgewing begin bedryf het.

Terug in Kokanje, na die tyd, het sy weer die nood en angstigheid van afgestorwe Kokanje-Inwoners se kinders bemark wanneer hulle hul ouers se huise moes ontruim. Hulle eie en familie en vriende se huise kon nie die meubels en ander items akkommodeer

nie en as hulle dié items sou verkoop aan winkels wat tweedehandse items koop, sou hulle ontsettend baie geld verloor – hulle erfporsie!

Terselfdertyd het kinders gerusstelling en vertroosting nodig tydens hulle rouperiodes en hulle word so ver moontlik ondersteun met raad en daad in hierdie moeilike en traumatiese tydperk wanneer hulle hulle ouers se huise moet ontruim. (Rita het uiters waardevolle ondervinding opgedoen tydens haar eie ouers en skoonouers se huisontruimings en Ricky met die ontruim van Ricky se oorlede moeder, Dollie Roets, se huis 'n paar jaar gelede.)

Artikels word op die Koop-en-Verkoop-Groep geadverteer, die kinders word geskakel deur voornemende kopers om te onderhandel en word van die hand gesit. Onverkoopte items, en veral klere, word aan die Hoekwinkel geskenk en ander items bv. materiaal, wol, garing ens. aan die Naaldwerkklub.

Rita en haar man, Nick, bly al **14 jaar lank in Kokanje** en sy funksioneer graag in groepsverband – by KOMREK, SOD, ABBA, Naaldwerkklub, KE-Demensiestimulasie, Kinderprogramme en die **KOLLIG**, en help gereeld opskep in die Kokanje-eetsaal. Sy neem altyd foto's van Kokanje-Inwoners (tydens funksies) en dit word in **KOLLIG** gebruik, op die TV in die voorportaal geplaas en op die Kokanje-Facebook vertoon om Kokanje sommer aan die hele Suid-Afrika bekend te stel!

Sy is 'n persoon van min woorde, sy verkies eerder DADE!

2. **RICKY DURAND** (Be-roep: Distribusiebestuurder by Revlon en het in daardie hoedanigheid ook te doen gehad met Invoere en Uitvoere) **bly al 10 jaar lank in Kokanje** saam met haar man, Lourens.

Sy was, tydens die beginjare, by die Hoekwinkel betrokke en is dus 'n baie groot aanwinst by die Koop-en-Verkoop-Groep.

Ricky, Rita en Elsa het die Groep se 2de verjaarsdag by Alezea se Kiosk met 'n heerlike wafel en roomys gevier.



Ricky is 'n kranige tuinier en betrokke by die Tuinbouklub (ook as Tesourier). Sy raadpleeg graag kenners in dié verband. Verder help sy met opskep in die eetsaal en sy en Lourens was betrokke by die Kokanje-Bussieervoer. Hulle is uitstekende fotografe, lid van verskeie Fotografieklubs en Lourens en Ricky het altyd die nuwe Kokanje-Intrekkers se foto's geneem. Sy en Lourens neem pragtige foto's in Wildtuine en maak hulle eie fotoboeke. Hulle gesondheid het onlangs effens verswak en dit meng 'n bietjie in met sommige van hierdie heerlike aktiwiteite.

Ek gaan 'n "geheim" van Ricky en Lourens verkap... Toe ek by haar opdaag om met haar te gesels, was sy en Lourens besig om klippe te verf vir die Tuinbouklub se Karnavalstalletjie – tekenend van hulle veelsydigheid en betrokkenheid. Sy het ander uiteenlopende projekte/belangstellings en verbreed graag haar horison. Verder is sy lid van die Biblioteek en ontspan gereeld met 'n interessante boek.

Ricky voel dat wanneer mense besittings skenk aan die Hoekwinkel of op die Koop-en-Verkoop-Groep adverteer, dit goedere is wat hulle nie gebruik nie en nie nodig het nie. Hierdie skenkings/verkope kan ander mense help. Sy hou nie van verkwisting nie en voel dikwels skuldig oor haar 12-stuk eetstel, want toe hulle nog gekampeer het, het hulle met so min reggekam.

Sy voel mense moet hul prioriteite aangaande besittings hersien.

Ricky bewonder ander se mooi goedjies en heg ook, soos ander mense, sentimentele waarde aan "erfgoed". Na haar ma se afsterwe het sy erf-items geneem wat vir haar praktiese en sentimentele waarde gehad het, om in elke vertrek in haar huis ietsie van

haar ma te plaas. Sy het ook tuinornamente by die Hoekwinkel aangekoop, wat haar herinner aan die eienaars wat sy geken het.

Ricky het iets gesê wat my geweldig getref het en wat die diepte van haar hart vir ander se welsyn toon, naamlik dat 'n mens aan ou mense se voete kan sien hoe hard hulle lewe was. Dankie, Ricky, vir daardie beeld en dankie vir die subtiele en verskeie maniere waarop jy daadwerklik ander mense se voete was.

3. ELSA VAN WYK en haar man, Douwe, woon reeds 10 jaar lank in Kokanje.

Elsa het by al die Hoekwinkel se werkspunte gewerk en uitstekende kennis opgebou. Sy is reeds vir 5 jaar verantwoordelik vir die weeklikse werksrooster van 8 vrywilligers wat op 'n slag op Dinsdae en Vrydae diens doen. Daar is 26 tot 34 vrywilligers in Kokanje (onder die leiding van **Rona de Jager en Claudette Collette**) wat help by die winkel – een groep sorteer die skenkings in die motorhuis/stoor uit, 'n ander groep plak prysetikette op en stal die items in die winkel uit en die derde groep doen toesighouding en kassierswerk. **Die Hoekwinkel verkoop tans gemiddeld R2000 se items per dag – Voetstoots.**

Elsa plaas gereeld van die duurder items (onder haar eie naam of HW = die Hoekwinkel) op die Koop-en-Verkoop-Groep. Sy is die uiters belangrike skakel tussen die Hoekwinkel en hierdie Groep.

Elsa het 'n natuurlike aanvoeling vir verkooppryse, maar vors ook op die Internet intensief na wat items werd is sodat kinders, wat huise in Kokanje ontruim, daarby baat.

Elsa vertel dat haar pa 'n spreekwoordelike "Jood" was en dat sy reeds van kleins af 'n oog vir 'n winskoop gehad

het – sy skroom dus nie om afslag te vra nie.

Sy en Douwe het voor hul verhuising na Kokanje, hul eie aromaterapie besigheid gehad (olies vermeng, gebottel, etikette opgeplak en die medisinale gebruik nagevors), vandaar haar uitgebreide kennis en voorraad waarmee sy bure so gereeld versorg en hulle skete behandel. Sy help vriende om foute te bespeur op hul bankrekeninge en met die gebruik van hulle selfone. **Wat 'n seën is sy nie!**

Soos ons kleintydse winkelier, "Niek die Griek", gaan Elsa te werk om voorraad aantrekliker te maak: Sy plant plantjies in geskenkte houers en vul gereeld die leë koekblikke by die Hoekwinkel met heerlike koekies sodat dit teen beter pryse van die hand gesit kan word. (Dus, baksters, as julle wil koekies skenk vir 'n goeie doel – hier is jul kans!)

Sien elders die artikel oor geskenkte brille wat na F H Odendaalhospitaal gaan. Siek kindertjies kry poppies, skoentjies en hoedjies wat sy en haar helpers maak, saam met traktaatjies vir hul ouers.

Asof dit nie genoeg is nie, besoek sy kennisse by ons KE, en gaan groet sommer almal, selfs die Personeel wat sulke wonderlike werk verrig. Sy is ook deel van 'n Deernisgroep (onder leiding van Marinda van der Westhuizen) wat minder beweeglike Inwoners by hul huise besoek.

Elsa en Douwe is lid van die Dendrologiese Vereniging, die Voëlklub en Voetslaanklub. Sy is lief vir haar tuin en vir die tarentale, patryse, bokkies en nagapies wat sy daar verwelkom en voer. (Sy voer soms ook haar bure!) Julle het seker haar bydraes oor die duifie in haar tuin en die brand in die omgewing in vorige **KOLLIG**-Tydskrifte gelees.

Ek stem saam met Douwe – dat Elsa 'n unieke vrou is!

MAUREEN SE KERSFEES-, OU- EN NUWEJAARSGEDAGTES IN DIE KE

"Laat my in U skaduwee bly!" is Maureen se gebed as sy dink aan haar (en ander KE-Inwoners se) aanpassings en werksaamhede in die KE. Sy is dankbaar oor die bemoediging in haar vriendin, **Blanche Emslie**, se boek met lewenswaarhede en persoonlike raad vir die oorbrugging van probleme. Sy gaan Blanche se positiese voorbeeld volg en steeds voluit leef in haar goed gevestigde "skuilplek", die KE.

"Dankie, Blanche, ek is lief vir jou!"

Maureen beveel aan dat ouer mense die gelukkige jare in hulle lewens oor en oor ophaal, jou drome beleef en nog-

steeds besig bly met ander mense bemoedig en blokraaisels, brei-, lees- en skryfwerk en Sudoku doen.

"As jy jou tyd mors, is dit onvergeefbaar!"

Sy praat van "bang" gedagtes wat soms by haar opkom, en sy sê sy maak dit sag en duidelik vir haarself en vra dan die Liewe Heer om haar toe te vou in Sy onmeetbare goedheid...

2 nuwe veranderings/gebeure in Kokanje is vir Maureen die **"cherries on top"**:

1. Die Groot Bederf om nou op die KE se smaakvol gedekte Sonstoep te vergader vir etes.

2. Die ongeveer 20 rolstoele se uittog na die Rus-'n-Bietjiedam het haar geroer – sy bedank die persone wat dit georganiseer het, die rolstoeldrywers, die KE-Personeel wat die heerlike warm tee en koffie voorgesit het saam met die verversings (voorberei deur **Riaan Roets** en die Voedseldienspersoneel), en die kunstenaars wat opgetree het.

Maureen het ook die heerlike samesyn met ander Kokanje-Inwoners kosbaar gevind.



NOG INWONERS WAT AL LANGER AS 30 JAAR IN KOKANJE WOONAGTIG IS

In die Kersfees-**KOLLIG** was die name van 'n paar Inwoners wat al meer as 30 jaar in Kokanje woonagtig is.

Die res van die lys verskyn nou hieronder:

Rosie Roos, Hanna de Jager, Rina van Rijswijk, Raaitjie Coetzee, Ria Naudé, Dorothy Herselman, Jani Oliver, Marina en Dawie Hermann, Rassie en Charlotte Erasmus,

Corrie Labuschagne, Sannie Breedts, Jeanette Pienaar, Louisa du Preez, Willie en Lazya Arendt, Trudie Buitengeweg, Hettie Luus, Lulu Olivier, Miemie Naudé, Roelf van der Walt en Sannie Herselman.

Valerie Botha, Jinnie Botha en Piet Oosthuizen is onlangs oorlede.

WENKE

Kook jou rioolput (drein) skoon deur:

1 hoogvol teelepels Koeksoda daarin af te gooi, gevolg deur ¼ koppie Asyn.

Verwyder aanpaksels in jou ketel:

Kook 20 ml Wynsteensuurpoeier (Tartaric Acid), 500 ml Asyn en Water tot bo toe gevul.

Koel af en skrop aanpaksel af. Spoel, kook met skoon water en gooi daardie water weg. Gebruik nou skoon water, in jou silwerskoon ketel om tee of koffie te maak!

Elsa van Wyk

You will never reach your destination if you stop and throw stones at every dog that barks!

Wanneer die Here ons iets weier is dit altyd om iets beters aan ons te gee.






ECORENERGY
NYLSTROOM

WE PROVIDE THE BEST

SOLAR AND AIRCON SERVICES

24/7 TECHNIAL SUPPORT

WE BEAT ANY WRITTEN QUOTE

SOLAR 10 YEAR WARRANTY

UNBEATABLE PRICES

GET YOUR QUOTE TODAY!



Shop no 8, C/O Nelson Mandela & Thabo Mbeki Street, Modimolle.



Hammies - 082 487 3509
Harkem - 066 234 9593



admin@ecorenergy.co.za
harkem@ecorenergy.co.za

We provide
comprehensive
eye examinations





For AFFORDABLE EYE CARE

MODI MALL 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive

Say hello
to your new
superpower.





AUDIOLOGY

MODI MALL 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive

ANITA'S AUTO SHINE MOBILE



CAR WASH
BEST PRICES!

083 465 1095

RUG PROBLEME?

Cloud Nine

beds for the rest of your life

**BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE
VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS
VAN SUID AFRIKA**

As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende

- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding



Rest Assured Also Available



Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!





Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist

**Bergstryd
Singel
No 7**



Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer sommer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806

Salon Kokanje Mari



ONS LIEWE ROSA LEIDING NOU OOK 100!

Rosa Lategan is op 24 Maart 1925 in Pretoria gebore.

Na skool werk sy by Volkskas-bank. Op 19-jarige ouderdom (op 13 Junie 1944) trou sy met Willie Schoonbee en op 9 April 1945 word hul dogter, Gerda, gebore. 7 jaar later (13 Maart 1952) word hul seun, Riaan, gebore. Hulle verhuis later na Barberton, waar Willie by die New Consort-goudmyn werk.

Rosa was 'n gekwalifiseerde kleremaakster en het baie dames daar in die nuutste modes geklee.

In 1976 verhuis hulle na Phalaborwa, waar Willie by Foskor gewerk het.

Op 15 Junie 1985, na 41 jaar se gelukkige getroude lewe, kom Willie te sterwe en op 4 September 1986 trou Rosa weer, met Hannes Leiding. 26 jaar later sterf Hannes in Kokanje-aftreeoord, Modimolle. Rosa woon toe alleen verder in Kokanje, te Seringstraat 47D.

In 2020, net voor die Grendeltyd verswak Rosa se gesondheid drasties en dr. Breedts verwys haar na die Versorgings-eenheid, waar sy vandag nog steeds liefdevol versorg word deur die wonderlike Personeel.

Gerda (dogter) en Riaan (seun) het Rosa 4 kleinseuns

besorg, waarvan 2 in Australië bly en 2 agterkleinseuns, waarvan 1 in Nieu-Seeland bly. Sy het 3 agterkleindogters, 2 in Australië en 1 in Nieu-Seeland. Sy het ook 1 agter-agterkleindogter in Nieu-Seeland.

Gerda Botha en haar man, Herman, van Hermanus het vir 'n paar dae saam met Ma Rosa en die KE-Personeel en mede-Inwoners gekuier en feesgevier!

Op Maandag, 24 Maart het 'n paar lede van die Demensie-Stimulasiegroep, die Voorsitter van die Versorgingsdienskomitee (Johan de Beer) en 'n paar lede van SORGKOM saam "Laat Heer U sien op haar daal" gesing en toe van die heerlike verjaarsdagkoek en ander verversings geniet.

En natuurlik was **KOLLIG** ook verteenwoordig!

Baie dankie, Gerda, vir die bogemelde inligting. Red.

Links: Rosa saam met haar dogter en skoonseun.

Onder: 'n Klompie van die vrolike gaste.



GEBED VIR LYDENSTYD

Here, help ons om hierdie seisoen te vas...
van woorde wat ander mense seermaak, sodat ons
vriendelik met mekaar kan praat;
van ontevredenheid, sodat ons kan fokus op die dinge
waarvoor ons dankbaar is;
van woede, sodat ons eerder geduldig en gaaf kan wees;
van negatiewe gedagtes, sodat ons met hoop kan lewe;
van bekommernisse, sodat ons op U kan vertrou;
van klagtes, sodat ons die klein goedjies kan waardeer;
van druk en gejaagdheid, sodat ons tyd kan maak vir
gebed en vir mekaar;
van bitterheid, sodat ons harte vol vreugde kan wees;
van selfsug, sodat ons ons goed makliker met ander kan
deel, veral dié wat dit nodig het;
van wrokke, sodat ons mense kan vergewe wat ons seer
gemaak het;
van woorde, sodat ons kan stil word en na U luister.
Amen.



"Google" en Luister na die pragtige Paas-lied
deur Deborah Govenor: "REMEMBER ME."

Anthony Hopkins once said:

"I am fully aware of my mortality, but at 87 years old, I still wake up every morning with the desire to misbehave. Age



is not a barrier when you find passion in what you do. The real secret lies in keeping your curiosity alive, continuing to learn, and not letting the fear of time stop you from enjoying life. Every day is a new opportunity to create, to laugh, and to show that it is never too late to move forward with enthusiasm and joy."

GEBED OOR OUDWORD

Here, U weet beter as ek
dat ek ouer word en dat ek
eendag oud sal wees.

Help my dat ek nie praatsiek word
nie, en behoed my veral van die
noodlottige gewoonte om iets te
moet sê oor elke onderwerp en by
elke geleentheid.

Verlos my van die behoefte om
alle ander mense se sake te reël.
Hou my gees vry van die relaas
van nimmereindigende besonder-
hede.

Gee my vleuels om die kern
van 'n saak te kan stel.
Ek vra genade om na die verhale
van ander mense se
kwinte en kwale te luister,
maar sluit my lippe as ek
oor my eie kwellinge wil uitwei.

Hou my redelik goedgeaard want
'n iesegrimmige oumens is een
van die duiwel se pronkstukke.
Bewaar my van skynheiligheid en
heilig my lewe.

Maak my bedagsaam,
maar nie kruiperig nie,
hulpvaardig,
maar die baasspelerig nie.

As ek dink aan die skat
van wysheid waaroor ek beskik,
lyk dit vir my jammer dat ek dit nie
met almal kan deel nie.
Maar leer my, Here, die groot les
dat dit tog af en toe moontlik is dat
ek my kon vergis het...

Ek vra dit, o Here,
want U weet dat ek aan die einde
nog 'n paar vriende wil oorhê...

Anonieme Non.

Ingestuur deur
Hannetjie Boshoff.



OEFEN EN "SHARE" OP JOU SELFOON!

1. "Share": Ons het nie net op die Koop-en-Verkoop-Groep geleer hoe om van ons besittings aan ander te verkoop nie, maar ook om dit soms weg te gee (SHARE), sodat die pragtige ongebruikte artikels nie verder in ons huise stof hoef te vergaar nie, maar in al hulle glorie gebruik kan word deur die nuwe eienaars.

2. **"SHARE"** jou foto's en mooi versies wat in jou selfoonvouers is, met ander mense:

(a) Per WhatsApp:

In jou WhatsApp-boodskap aan 'n kontakpersoon, druk die Skuifspeldtekening en kies "Gallery". Druk op die foto's (hulle word genommer). Druk nou die groen tekening onderaan om te stuur.

(b) Per "Google":

Gaan in op "Photos", op jou selfoon. As jy aparte albums geskep het, vind die regte een en kies 1 of meer foto's wat jy wil stuur – druk op elkeen en merk hulle met 'n regmerk. Druk op die "share"-teken en kies Gmail.



Stuur nou vanaf jou selfoon na die ander persoon deur sy/haar E-pos-adres te tik in die spasie wat daarvoor voorsien is en druk ➡ om dit te stuur.

3. **VERWERK FOTO'S:** (Edit, crop borders, special effects and add text.)

Gaan in op "Photos", om al jou foto's te bereik.

Druk op 'n foto om dit te vergroot.
Kies "Edit".

Funksies om van te kies:

"Crop, Adjust, Filter, Markup, Text, etc." Daar is ook 'n keuse om bewoording met kleur-agtergrond te gebruik. Druk "Done and Save". Kies dan of jy die ou weergawe met hierdie een gaan vervang of dit as 'n heel nuwe foto gaan stoor – m.a.w. daar is nou 2.

Gebruik hierdie verwerkte foto's om aan jou kontakte te stuur, of skep eers collages daarvan.

4. MAAK FOTO-COLLAGES:

Gaan in op "Photos", merk 2 – 9 foto's wat bymekaar hoort, met 'n regmerk. Kies "Collage".



Die foto's word self in collage-form gerangskik. Daar is 5



moontlikhede.

Indien die foto's nie (volgens jou smaak) op die regte plek is nie, druk op hulle en skuif hulle met 'n glybeweging van jou vinger na die regte hokkie toe.

Indien die foto's nie mooi in die hokkies/venstertjies inpas nie, druk op een op 'n slag (en trek oop en toe met jou duim en wysvinger) om dit groter of kleiner te maak.

Druk "save" en jou collage is reg om uit te stuur.

Die vorige, aparte foto's kan "Delete" word om meer plek in "Photos" te laat.

5. "DELETE FOR ME" of "DELETE FOR EVERYONE".

Wanneer jy boodskappe in jou verskillende WhatsApps wil uitvee:

1. In 'n kontak se WhatsApp: Druk op die boodskap/pe en/of die foto's.

2. Druk op die asblik-tekening.

3. Keuse(s):

"Delete message/s – Also delete media received in this chat from the device gallery." (Druk die regmerk as jy dit uit jou "Photos" ook wil uitvee.) "Delete for me. Cancel."

4. Indien jy foto's uit jou "Photos" uitgevee het en jy kyk na boodskappe waar die foto's voorheen verskyn het, sal daar net 'n dowwe weergawe daarvan te sien wees.

5. As jy vir iemand 'n verkeerde boodskap (en foto) gestuur het, kan jy dadelik op die boodskap en die foto druk en die asblikteken om dit te "delete for everyone" en met die regmerk sal die boodskap (en die foto) uit jou eie en die kontakpersoon se "Photos" uitgevee word. Nou kan jy die regte boodskap tik en saam met die foto stuur.

6. Indien jy NET jou eie boodskap en foto's wat daarmee saamgaan, wil uitvee, kies jy net "delete for me" plus regmerk.



**Geniet
die
Oefen-
sessies!**

DIE OUDGEIT

Ouderdom is iets op die langebaan
 Ons dink amper nooit daaraan
 In ons bruisende jeug
 Of in ons tere kindervreug.

Sien ons die ouderdom nie raak
 Vir ons is dit nou maar bysaak
 Maar stadig verseker haal die oudgeit ons in
 Stap vir stap het die oudgeit begin.

Eers jonk en sterk
 'n Baie goeie werk
 Geld genoeg om van te leef
 Die jonkheid hou ons op dreef.

Ons kinders word groter en gaan weldra
 Hulle eie weg sonder Ma en Pa
 Grootouerskap tref ons met blydschap
 Nog 'n sekere saak, nog 'n lewensstap.

Die kleinkinders word groot en sterk
 Begin ook weldra aan 'n eie werk
 Ook hulle gaan die lewe aanpak
 Die oues begin om so stadig uit te sak.

So bereik ons nou die ouderdom
 Besef ons meteens skoon verstom
 Dat ons maar moet aftree
 Al is ons daarmee nie heel tevreë.

Graag wil ons nog ons deel doen
 Met ledigheid kan ons ons nie versoen
 Nou wil ons graag 'n werkjie soek
 Loer in elke koerant, elke boek.

Maar dit gaan nie so maklik en gou
 Jou oudgeit word netjies voorgehou
 Jy voel nog sterk en fiks
 Maar die owerhede sê daar is niks.

Tog snaaks ons moet ook leef
 Al lyk ons beplooid en skeef
 Die lewe is vir ons ook daar
 Maar oudgeit is 'n harde, hoë muur.

Kry jy 'n werkjie vir jou ouderdom
 Moet jy sakies nou gou-gou opsom
 Die geld is te min om van te leef
 Die oudgeit het jou hele lewe deurweef.

Skuld kan jy nie maak
 Daarom moet jy waak
 As jy die skuld moet betaal
 Word die wêreld vir jou bra vaal.

Eersdaags wag vir jou net een plek
 Na Kokanje moet jy vertrek
 Om daar te wag vir die dood en graf
 Dis die lewensloop en nie 'n straf.

Ingestuur deur **Gerda J. van Rensburg.**

THE MAGIC OF SOLITUDE

Helen Mirren once said: One of the greatest gifts of growing older is discovering the magic of solitude. What once felt like loneliness now feels like freedom. The silence that used to be uncomfortable has become peaceful, even luxurious. My home isn't just a place—it's a sanctuary. A space where I can dance in the kitchen with no one watching, get lost in a book without interruption, or simply sit in stillness, fully present with myself.

I no longer crave constant noise or validation. A quiet evening with a cup of coffee and a good movie feels just as fulfilling as a night out. The beauty of solitude isn't in being alone—it's in feeling completely at peace with yourself. No pressure to perform, no need to impress—just the gentle contentment of being exactly where you are, as you are.

There's a quiet kind of joy in realizing that your own company is enough. That happiness doesn't come from being surrounded by people, but from being at home within yourself.



Gerda.

Ingestuur deur
Adré Bernhardt.



'N GLIPSIE IN DIE BYBEL!?

Onlangs, in 'n praatjie oor **vertaling, by HoeSo!?**, is vertel van 'n fout wat met die vertaling van die Bybel gemaak is. Hieronymus/Jerome (4de eeu n.C.) het kennis van Hebreeus en Grieks gehad en die Pous het hom opdrag gegee om die Bybel in Latyn te vertaal sodat gewone mense toegang tot die Bybel kon kry. Die Bybel is toe in Vulgêrlatyn vertaal (die Vulgaat).

Hieronymus het 'n verdienstelike poging aangewend en het beroemdheid as Bybelvertaler verwerf. Dit wil nie sê dat hy nie foute gemaak het nie: In die Afrikaanse vertaling van die Bybel lees ons in Exodus 34:29 dat toe Moses van die berg Sinai afkom met die 2 kliptafels in sy hand wat hy van God ontvang het, hy nie geweet het dat die vel van sy gesig stralend was nie.

Hieronymus moes daar die woord **keren** vertaal. **Keren kan uitstraal of horings laat uitgroei beteken.** Hy het dit verkeerd verstaan en gedink

dat dit horings is wat uit Moses se kop gekom het. In Hebreeus is daar 'n dualis-vorm van woorde soos hande en voete (liggaamsdele waarvan daar 2 is), sodat hy gedink het daar moet 2 daarvan wees, dus: 2 horings wat uitgekrom het, terwyl dit eintlik verwys het na die lig wat uit Moses se gesig gestraal het. Vandaar die woord "cornuta" wat op horings dui. Hierdie verkeerde interpretasie het tot ná die Renaissance voortgeduur.

Michelangelo, wat geleef het toe die Vulgaat gebruik is, het (in 1515 vir die graf van Pous Julius II) Moses gevolglik uitgebeeld met horings. Hy was nie die enigste een nie: Daar is ook 'n beeldhouwerk van Moses, met horings, in die museum in Dijon en nog een in die Vilnius-katedraal in Litoue. 'n Middeleeuse fresko van God wat die 10 Gebooie oorhandig aan Moses, met sy horings, hang in die St. Andrews-kerk in Westhall, Engeland.

Michelangelo se beeld van Moses met die 2 horings.



Die Bybel is in baie tale vertaal, en in sommige tale al baie keer vertaal. Die uitgangspunte vir hervertaling word telkens herbepaal. Die doel-taal self bly ontwikkel wat hervertaling wenslik maak en studies van die bron-tale bring nuwe insig wat hervertaling wenslik maak.

Fritz Wolff



RAAR MAAR WAAR!

Marie Glas van Kokanje (25D) het 2 seuns – Menno Glas, 'n sakeman van Lephalale en Mario Glas, 'n geneesheer in Australië.

Menno se seun se naam is ook Menno, en hy is besig met sy klerkskap (ouditeur) in Pretoria. Mario se seun se naam is óók Menno en hy is 'n geneesheer (net soos sy pa) en hy woon ook in Australië. Albei die Menno-kleinseuns se meisies het dieselfde name en beroepe. Beide is Alana, en hulle is fisioterapeute!

In Desember 2024 het die hele Glas-familie (van Lephalale, Australië en Kokanje) saam by Hoedspruit vakansie gehou – in die huis waar

Tom Cruise tuisgegaan het toe hy die rolprent "Mission Impossible" verfilm het. Die 2 jong Menno's, met hulle Alana's, het mekaar se geselskap baie geniet.

Marie Glas, haar kleinseuns en hulle meisies.



RESEPT VIR DIE FLUKSE INWONERS...

KARRINGMELK- BESKUIT

(Mikrogolf.)

BESTANDDELE:

500 gr	Stork (bake)
	Margarien
1½ kop	Suiker
2	Eiers – geklits
1 houer	Karringmelk
½ kop	Melk – om karringmelkhouer mee uit te spoel
1 kg	Bruismeel
3 tl	Bakpoeier
1 tl	Sout.

METODE:

1. Smelt margarien.
2. Gooi suiker by en roer goed.
3. Koel af.
4. Meng eiers, karringmelk en melk.
5. Sif bruismeel, bakpoeier en sout.
6. Meng nou alles saam.
7. Gooi in 2 X 1 liter roomysbakke.
8. Mikrogolf vir 12 minute op hoog.
9. Laat afkoel en sny.
10. Droog uit in die oond. (70° C oornag of vir 7 – 8 ure.)
11. Geniet.



TIENTIE
MEINTJES

HAWERMOUT- BROODJIE


Heerlike broodjie, bevat geen preserveermiddels nie en as dit nie binne 2 dae gebruik word nie, kan dit gesny en gevries word.

BESTANDDELE:

2 kop	rou Hawermout
2 kop	Semels
600 ml	gewone Jogurt
1 tl	Koeksoda (opgehoop)
1 eetl	Canderel poeier
of 2 eetl	Heuning, of
	Bruinsuiker
1 tl	Sout (gelykvol).

METODE:

1. Verhit oond tot 180° C.
2. Meng hawermout, semels, koeksoda en versoeter in 'n groot mengbak.
3. Voeg die jogurt by die hawermoutmengsel.
4. Spuit 'n broodpannetjie met Spray & Cook en sit botterpapier op die bodem.
5. Gooi die mengsel in die pannetjie.
6. Bak vir 1 uur of tot gaar.
7. Laat heeltemal afkoel (die broodjie is baie bros).



ELIZE DE
JAGER

STAMPMIELIE- GEREG

(Lekker by braaivleis.)

BESTANDDELE:

3 kop	Stampmielies, vooraf oornag geweek en gaargekook.
250 gr	Spek vleis
1	Soetrissie, gekap.
1 groot	Ui
1 pakkie	Sampioene, gesny
1 blik	Roommielies
250 ml	Room
	Sout en Peper, na smaak
	gerasperde Kaas.



METODE:


1. Braai spek, rissie, ui en sampioene saam tot sag.
2. Voeg roommielies, room, sout en peper by.
3. Skep stampmielies in 'n oondskottel.
4. Meng die ander gemengde bestanddele daarby.
5. Strooi kaas bo-oor.
6. Plaas in voorafverhitte oond en bak effens, teen 180°C, tot kaas gesmelt is.



MARI
JACOBS

HET JY GEHOOR?

1. "Ek gaan hierdie jaar alle uitnodigings na funksies aanvaar!" – Elsa van Wyk.
2. "Ek het nie hierdie keer saam met my vrou Australië toe en terug gevlieg nie, want dit kan dalk die vlieënier(s) se laaste dag wees!" – Gustav Nienaber.
3. "Ek voel vandag so ellendig soos 'n stuk breiwerk – 'knit one, slip one, drop the whole row, pick up the last stitch and cast off!' " (Een van die Naaldwerkdames?)
4. " 'Old age' is always 15 years older than what I am."
5. "Ons Kersfees was stil en onrustig (die kinders en klein-kinders het kom kuier) en ons was 2 keer bly – toe hulle gearriveer het en toe hulle huis toe is!" - Rita Noeth.
6. Iemand vertel die staaltjie van 'n Inwoner wat haar man se klerekas uitgedun het deur sy klere aan die Hoekwinkel te skenk. Met Kersfees vra sy haar man wat sy vir die tuinwerker kan gee as 'n Kersgeskenk en hy het haar toe ewe aangeraai om van die geskenkte klere te gaan terugkoop. Met hierdie staaltjie word beklemtoon dat alle geld wat die Hoekwinkel inkry, aangewend kan word om Inwoners wat finansieel swaar kry, te help.



"Google" en luister hierdie Oulike Liedjies:

1. "As long as I am rocking with you" – John Conlee.
2. "You can't be a beacon if your light don't shine" – Donna Fargo.

VINNIGE, VREEMDE FEITE

HET JY GEWEET?

Dat hoenders kleur beter kan sien as mense?

Hulle kan inderdaad violet- en ultraviolet-lig onderskei en dis hoekom hulle so vrek vroeg kraai – hulle sien die sonsopkoms 'n hele uur voordat ons dit kan waarneem!

'n Kat het 32 spiere in elke oor.

'n Goudvis se geheue is net 3 sekondes lank.

'n Haai is die enigste vis wat albei sy oë kan knip.

'n Slak kan vir 3 jaar slaap.

'n Volstruis se oë is groter as sy brein.

'n Kat beskik oor meer as 100 vokale klanke.

'n Hond het net 10 vokale klanke.

'n Skoenlapper proe met sy voete.

Februarie 1865 is die enigste maand in opgetekende geskiedenis wat nie 'n volmaan gehad het nie.

Babas word gebore sonder knieskywe. Dit ontwikkel eers van die ouderdom 2 tot 6 jaar.

In die afgelope 4 000 jaar is geen nuwe dier as 'n huisdier getem nie.

As die Chinese bevolking in 'n enkelgelid verby jou loop, sal die ry nooit ophou nie as gevolg van hul aanwaskoers.

Leonardo Da Vinci het die skêr ontdek.

Dit is onmoontlik om met oop oë te nies.

'n Mens se oë bly van geboorte af dieselfde grootte, maar jou neus en ore hou nooit op groei nie.

Geen woord in die Engelse taal rym met "month", "orange", "silver" of "purple" nie.

"Stewardesses" is die langste Engelse woord wat met die linkerhand getik word.

"Lollipop" word met die regterhand getik. (Word mense betaal om hierdie tipe navorsing te doen?)

'n Mens tik 56% van alle tikwerk met jou linkerhand.

Die sinsnede "The quick brown fox jumps over the lazy dog" gebruik elke letter van die alfabet.

"Typewriter" is die langste Engelse woord wat met 1 ry toetse op die sleutelbord getik word.

Die winter van 1935 was so koud dat die Niagra-watervalle gevries het.

Daar is meer hoenders as mense op die aarde.

Vroue knip hul oë 2 keer meer as mans.



Karen Pienaar

(Persoonlike Assistent van UB, Andries Visagie) skilder onder andere die pragtigste plaastonele, met 'n hoendertjie of 2 wat hier en daar wei...

Kokanje is ons "Kierie-koshuis!"

EN... NOU WEET JY AMPER ALLES!

**"Die berge bosse bome,
die helder waterstrome,
dié wink ons van alver!"**

So beleef ek enkele woorde en die opgewekte wysie uit 'n sangles van my laerskooljare. Ek herleef die lekker lente-uitstappies.

"Kom ons gaan blomme pluk in die vlei" en "Ons beur deur die klowe, die opdraendes uit", en ons eindig af met "Holladriehoehea, holladriehoe!
Van pure lewenslus!"

Van heel vroeg af is dit een van die hoogtepunte of merkers op jou lewenspad: Die dag toe jy sonder hulp op jou eie 2 voete kon staan, een voet voor die ander begin sit... en daar gaat jy! Van nou af kan jy stap waar jy wil wees.

Vandag is stap nog steeds een van die noodsaaklike aktiwiteite waarmee mense van alle ouderdomme hulself besig hou en ook móét besig hou, ten einde gesond te bly!

Stap kom in baie verpakings: **Ons moet stap**

*waar ons nie verder kan ry nie;
as ons nie iets het om mee te ry nie;
om fiks te bly;
terwyl ons nog een voet voor die ander kan sit;
vir die lekker daarvan;
om by die eindpunt te kom en dalk 'n beloning te kry.*

Ons stap vir die lekker van saamstap in 'n groep wat al geselsende die uitkykpunt vanaf 'n bergspits wil bereik. Of ons kan net rustig stap om alles rondom ons waar te neem, soos die liedjie van destyds:

**"Al die veld is vrolik,
al die voëltjies sing
Al die krikies krik
daarbuit,
Elke sprinkaan spring
al die koggelmandertjies
kom om fees te vier;
hier galop 'n goggatjie,
daarso dans 'n mier."**

Sulke mense geniet wat hul in die oomblik beleef, soos my 4-jarige kleinseun wat stilhou, afklim van sy fietsie, en eers die duikertjies se mis van naderby besigtig tydens 'n stap-pie met Kokanje se bospaadjie langs, lank gelede...

Pelgrims stap vir honderde kilometer op die Camino-pelgrimstog in Spanje, elkeen met sy eie doel voor oë.

Die afgelope paar weke het ek, al lesende, saam met Erns Grundling van Elders-faam 1 025 kilometer aangedurf op hierdie besondere staptog. Daar was dae wanneer hy die saamstap met ander pelgrims, van alle wêrelddele, baie geniet het – die omgee en same-syn, die kameraderie – maar ook geleer het om doelbewus sonder sy selfoon, net met sy eie gedagtes en eenvoudige maaltye by stalletjies langs die pad, weer by homself te kon tuiskom.

Hy begin sy staptog van 'n beplande 40 dae huiwerig: Met diep sielkundige letsels, nuwe uitdagings, hy is erg oorgewig, het 'n beseerde knie en is pas gediagnoseer met slaap-apnee, wat hom erg laat snork. Dit terwyl hy in 'n gemeenskaplike slaapplek sal moet slaap.

Hy weet uit ondervindings van ander stappers, dat jou voete tydens so 'n stappery spesiale sorg benodig. Vaseliensmeer, om blase te voorkom word 'n gereelde praktyk. Toe hy siekerig voel en dit met iemand deel, word hy bemoedig met: **"Walk it off"**, wat dan somer sy mantra word om hom te inspireer vir die bulte wat voor hom uitstrek.

Hy ontdek hoe belangrik en kosbaar interaksie met ander is, hoe vinnig jy kan vriende maak, om in die oomblik iets met ander te deel, soos om rose in 'n klein dorpie raak te sien en aangemoedig te word om eers daaraan te ruik, saam te stap sonder verwagtings of

oordeel en ook weg te breek van die groep as jy liever eers alleen wil stap met jou eie gedagtes.

Partykeer sing 'n totaal ander groep saam met kitaarbegeleiding: "Always look on the bright side of life!"

**"If life feels jolly rotten,
there's something you've forgotten!
and that's to laugh and smile and sing!"**

"Sing it off!" word sy nuwe mantra en hy ontdek weer sy sangstem wat altyd voorheen sy groot passie was. Hy leer ook sy medepelgrims om al stappende **"Shosholoza"** te sing.

Aan die einde van sy tog mymer hy:

"Vanaand sit ek alleen, maar allesbehalwe eensaam. Ek raak stadigaan al hoe meer versoen met myself, my binnelewe. Ek is nou nader aan myself as ooit tevore. En dis as gevolg van iets so eenvoudige soos stap:

Een voet voor die ander."

Soos klein Xander op sy fiet-sie op Kokanje se wandelpaadje, sluit hy af met 'n gedig van Mary Oliver

**"Instructions for living life:
Pay attention.
Be astonished.
Tell about it.**

Kokanje se Inwoners het die voorreg om van elke bospaadjie of Voetslaanuitstappie hul eie Camino-ervaring te maak.

In gesprek met Frederik Marais tydens sy jongste staptog wat op ELDERS-program aangebied is, is die boodskap weereens:

**"As jy hoop,
sal jy aanhou loop.
Pelgrims stap vorentoe,
want DAAR is die musiek van die toekoms."**



Jou Geliefdes

— Verdien die Beste —



STATUS FUNERALS

International



www.colfunerals.co.za

Kontak ons:

Joe Slovo Straat 46, Modimolle, 0510, Limpopo

Skakel:

+27 14 717 1808 • +27 66 384 4033

+27 72 256 4519

Epos: enquiries@colfunerals.co.za

BEGRAFNIS ONDERNEMER & KAPEL
BEGRAFNIS & VERASSINGSDIENSTE

VEELS GELUK, 90-JARIGES!



Hettie Kotze
18 Januarie



Hettie Luus
22 Januarie



Skalk van der Walt
15 Februarie



Jeanette Pienaar
6 April



Deon Maartins
7 April



Linda Sprenger
30 April



Nan Bezuidenhout
9 Mei



Jannie Jacobs
21 Mei



Herman du Preez
8 Junie

POSTNET MODIMOLLE

Copy & Print
Products & Services!

POSTNET
Copy & print

101 Nelson Mandela Street, Modimolle 0510
Tel: 014 717 3440 • WhatsApp: 073 625 4766

Email: modimolle@postnet.co.za • Website: <https://modimolle.postnet.co.za>

